0 9

RGN
HSRC

# die plek van die skoolbiblioteek in die onderwys

1971

001.3072068 HSRC
0 9

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

Klasnr./Class No.
001.3072068 HSRC
0 9
Registernr./No.
25859/8
RGN
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
BIBLIOTEEK
LIBRARY
HSRC
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL
W.P. 809 7/69

RAAD VI SING

Privaatsak rika

Telefoon 28831

elegramme: RAGEN

President: Dr. P. M. Robbertse

Vise-presidente: Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

Sekretaris: Mej. K. M. Henshall

**Institute van die RGN**

Geskiedenisnavorsing

Inligting en Spesiale Dienste

Kommunikasienavorsing

Mannekragnavorsing

Navorsingsontwikkeling

Opvoedkundige Navorsing

Psigometriese Navorsing

Sosiologiese Navorsing

Statistiese Navorsing

Taal, Lettere en Kuns

Administrasie

**Funksie van die RGN**

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

25859

SUID-AFRIK.
NAVORSING

HUMANITAS
RGN • HSRC

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

# *DIE PLEK VAN DIE SKOOLBIBLIOTEEK IN DIE ONDERWYS*

*H.C.A. VENTER, B.A., M.Ed.*

*INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING*
*DIREKTEUR: J.B. HAASBROEK*

*PRETORIA*
*1971*

**Verslag nr. O-9**

**Craft Pers (Edms.) Bpk.**

001.3072068 HSRC O 9
*0434O4*

# V O O R W O O R D

Op versoek van die Nasionale Onderwysraad is 'n ondersoek deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ingestel na die plek en rol van die skoolbiblioteek in die onderwys.

Die onderhawige verslag gee 'n pedagogiese-didaktiese uiteensetting van die plek en rol van die skoolbiblioteek in die onderwys, asook 'n uiteensetting van metodes en stelsels van selfwerksaamheid in die onderwyspraktyk, die opleiding en taak van die skoolbibliotekaris en funksionele skoolbiblioteekbeplanning.

Die waarde van die ondersoek is daarin geleë dat die skoolbiblioteek in pedagogies-didaktiese perspektief geplaas word in 'n moderne onderwysstelsel wat gedurig op vernuwing afstuur om aan sowel die veranderde en steeds veranderende behoeftes van die maatskappy as die indiwiduele andersheid van die leerlinge te voldoen. In die besonder word die rol van die skoolbiblioteek beklemtoon as onderwyshulpmiddel om aan te sluit by differensiasie in die onderwys soos in die vooruitsig gestel deur Artikel 2(1)(f) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid van 1967 waardeur onderwys onder andere verskaf sal word ooreenkomstig die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die leerlinge.

A.M. Robbertze.
PRESIDENT.

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
STANDKODE | REGISTERNOMMER
OA. 3072068 HSRC 09 | 25859
6 | 8

I N H O U D S O P G A W E


| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDENDE OPMERKINGS | 1 |
| 1.1 | Doelstelling met die ondersoek | 1 |
| 1.2 | Metode van ondersoek | 2 |
| 1.3 | Didaktiese oriëntasie | 2 |
| 1.3.1 | Die kind en sy leefwêreld | 2 |
| 1.3.2 | Die kind in die formele onderwyssituasie | 2 |
| 1.3.3 | Kennisverwerwing en verstandsvorming | 3 |
| 1.3.4 | Denkskoling | 5 |
| 1.3.5 | Selfwerksaamheid as aktiewe selfdeelname van die kind in die onderwys | 6 |
| 1.3.6 | Indiwidualisering en selfwerksaamheid as aktiewe selfdeelname | 9 |
| 1.3.7 | Vryheid en selfwerksaamheid as aktiewe deelname | 12 |
| 2 | METODES EN STELSELS VAN SELFWERKSAAMHEID IN DIE ONDERWYS | 14 |
| 2.1 | Projekonderwys | 14 |
| 2.2 | Evaluering van die projekmetode | 15 |
| 2.3 | Die Montessori-stelsel | 17 |
| 2.4 | Die Dalton-plan | 18 |
| 2.5 | Die Winnetka-plan | 19 |
| 2.6 | Onderwysvernuwing en selfwerksaamheid in die sekondêre onderwys | 20 |
| 2.7 | Gevolgtrekkings | 22 |
| 3 | DIE SKOOLBIBLIOTEEK IN DIE ONDERWYSPRAKTYK | 24 |
| 3.1 | Begripsbepaling | 24 |
| 3.2 | Betekenis en doel van die skoolbiblioteek | 25 |

HOOFSTUK | BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 3.3 | Die funksie en rol van die skoolbiblioteek in die onderwyspraktyk | 28 |
| 3.3.1 | Aanskaffing en ordening van leesstof en ander materiaal, inligting en aktiewe ingebruikstelling daarvan | 28 |
| 3.3.2 | Algemene leesleiding | 29 |
| 3.3.3 | Boekopvoeding en die praktiese toepassing daarvan | 30 |
| 3.3.4 | Die skoolbiblioteek as gemeenskap- en navorsingsentrum | 30 |
| 3.3.5 | Die skoolbiblioteek en die opvoeding van die kind in totaliteit | 31 |
| 3.4 | Die integrering van die skoolbiblioteek met die onderwysprogram | 35 |
| 3.4.1 | Begripsbepaling | 35 |
| 3.4.2 | Die skoolbiblioteek en integrering | 35 |
| 3.4.3 | Boekopvoeding en skoolbiblioteekintegrering | 39 |
| 3.4.4 | Skoolbiblioteekintegrering en eksterne eksamens | 40 |
| 3.4.5 | Skoolbiblioteekintegrering en individualisering | 40 |
| 3.4.6 | Biblioteekintegrering in die verskillende skooltipes | 41 |
| 3.4.7 | Skoolbiblioteekintegreringskomitee | 41 |
| 4 | DIE ONDERWYSER-BIBLIOTEKARIS : OPLEIDING EN TAAK | 43 |
| 4.1 | Persoonlike hoedanighede van die onderwyser-bibliotekaris | 43 |
| 4.2 | Kwalifikasies en opleiding van die onderwyser-bibliotekaris | 43 |
| 4.3 | Funksies van die onderwyser-bibliotekaris | 45 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 4.3.1 | Organisatories-administratiewe funksies van die onderwyser-bibliotekaris | 45 |
| 4.3.2 | Opvoedingsfunksies van die onderwyser-bibliotekaris | 45 |
| 4.4 | Personeelvoorsiening | 48 |
| 4.5 | Leerlinghulp | 50 |
| 5 | FUNKSIONELE SKOOLBIBLIOTEEKBEPLANNING | 51 |
| 5.1 | Ligging | 51 |
| 5.2 | Grootte | 52 |
| 5.3 | Inrigting en ameublement | 53 |
| 5.4 | Balans in die inhoud van die skoolbiblioteek | 53 |
| 6 | GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS | 56 |
| 6.1 | Gevolgtrekkings | 56 |
| 6.2 | Aanbevelings | 58 |
| 6.2.1 | Die plek van die skoolbiblioteek in die onderwysprogram | 58 |
| 6.2.2 | Personeelvoorsiening | 60 |
| 6.2.3 | Daarstelling van 'n sentrale biblioteekdiens in elke provinsie | 60 |
| 6.2.4 | Koördinasie van biblioteekdienste | 61 |
| 6.2.5 | Uitbreiding van die skoolbiblioteekvoorraad | 61 |
| 6.2.6 | Biblioteekakkommodasie en ameublement | 62 |
| 6.2.7 | Gereelde biblioteekperiode op die lesrooster | 63 |
| 6.3 | Slotopmerking | 63 |
| | LITERATUURLYS | 65 |

# HOOFSTUK 1

## INLEIDENDE OPMERKINGS

### 1.1 DOELSTELLING MET DIE ONDERSOEK

In die lig van 'n veranderde en steeds veranderende maatskappy, in die besonder op die gebied van die tegnologie, nywerheid en natuurwetenskap, word daar aan die onderwys, wat met hierdie ontwikkelinge moet tred hou, en gedurig op vernuwing afstuur, groter en omvattender eise gestel.

Waar die tradisionele formele onderwys uitsluitlik op die klassikale en luisterskool-lees geskoei was, waar die leerling benewens om luisterend te lees, vir die grootste gedeelte op die klashandboek en voorafbereide aantekeninge aangewys was wat hy moes memoriseer en reproduseer, leer die moderne opvoedkundige denke dat die kind in totaliteit opgevoed moet word. Die kind moet benewens sy geheueskoling ook kennis, insig en vaardighede verwerf om sodoende krities te kan lees en evalueer. Die onderwys sal eers vrugbaar wees as die leerlinge nie aan 'n bepaalde feitekompleks gebonde is nie, maar skoling deur insig ontvang om sodoende intellektueel, sedelik en sosiaal gevorm te word (1, bl. 12).

Die moderne pedagogiek en didaktiek lê besondere klem op die indiwiduele gedying van die leerling, dit wil sê, onderwys ooreenkomstig sy persoonlike aanleg, belangstelling en vermoëns.

Die skoolbiblioteek met sy onbeperkte geleentheid tot geleide selfstandige studie deur die leerlinge ooreenkomstig hulle persoonlike vermoëns en belangstelling en teen indiwiduele tempo, en as bron van die ervaring en kennis van die mensheid, word 'n belangrike faktor as didaktiese hulpmiddel in die onderwysgebeure.

Die doel met die ondersoek is dan om die skoolbiblioteek as hulpmiddel in didaktiese perspektief te plaas en sekere standaarde te formuleer met betrekking tot die gebruik, organisasie, administrasie, personeel, akkommodasie en inhoud sodat dit as onderwyshulpmiddel sy regmatige funksie in die onderwysprogram doeltreffend kan vervul.

## 1.2 METODE VAN ONDERSOEK

'n Studie van beskikbare kontemporêre literatuur op die gebied van die moderne onderwysdenke is gemaak, sowel as van die rol wat die skoolbiblioteek in die besonder in die onderwyspraktyk vervul.

## 1.3 DIDAKTIESE ORIËNTASIE

### 1.3.1 Die kind en sy leefwêreld

Vanuit 'n verantwoordbare kinderantropologiese standpunt beskou, is 'n kind iemand wat self graag iemand wil wees en wil word, en wat leer betref, iemand wat graag self wil leer. Die kind staan dus van meet af aan oop, en is gerig op die verowering van die leeropgaaf (9, bl. 145).

Waar die kind hom in sy leefwêreld in verskillende verhoudinge bevind, onder andere in verhouding tot die dinge en tot die andere, te wete volwassenes, kondig die kind hom aan as lerende kind op verskillende wyses, te wete in sy gewaarwording, sy waarneming, sy vraestelling, fantasering, denke, intelligensie-aktualisering en memorisering (9, bl. 145).

In sy leeraktiwiteit is die kind primêr ingestel op die verowering van die leeropgaaf en die omstelling daarvan as sy eie besit. In hierdie verband is dit veral belangrik dat namate die kind in sy leerhandelinge vorder, hy voor die opgaaf te staan kom om hom tot steeds groter spronge tot die dinge (leermateriaal) te waag waarvoor hy paties (gevoelsmatig) gereed voel. Hy wil dus meer ontdek, ondersoek en navors.

### 1.3.2 Die kind in die formele onderwyssituasie

In die opvoedingsgebeure wat in opvoedingsituasies voltrek word, is daar enkele momente wat altyd voorop staan. Die opvoeder en kind raak in opvoedingsverhoudinge betrokke, en die verwerkliking van die vertrouens-, ken- en gesagsverhouding is moontlikheidsvoorwaardes vir steungewing aan die kind. Die verwerkliking van die opvoedingsverhoudinge is slegs moontlik as die opvoedingsgebeure aan die gang kom en voortgaan, en na gelang die opvoedingsgebeure sy verloop neem intensiveer die verwerkliking van die vertrouens-, ken- en gesagsverhouding

totdat in die ligveld van hierdie verhoudingstrukture opsetlik gehandel word. Die opvoeder met sy meerdere kennis, ervaring en insigte gryp in die lewe van die kind in met die doel om hom tot selfstandigheid te lei.

Die skool is geroepe om met inagneming van wat in die huis plaasgevind het, en nog plaasvind, die kind te lei en te help om op 'n sistematiese wyse die kultuur- of lewensinhoude waarheen hy as volwassene noodwendig onderweg is, te verower, dit op voldoende wyse te beheers, dit in lewenssituasies in te skakel en die norme wat daarmee gemoeid is, te erken en te gehoorsaam (16, bl. 26 - 27). In die leer- en didaktiese situasies moet die kind dan bewys daarvan lewer dat hy sy moontlikhede kan realiseer om eendag self onafhanklik en selfbepalend te kan lewe. Die leersituasie word dus ook op indirekte wyse op volwasse taakvervulling gerig.

Die taak wat die skool aan die kind stel, veronderstel ook dat die kind opgevoed sal word om verantwoordelikheid te aanvaar, om homself ten aansien van sy keuses en die handelinge wat daaruit voortvloei in die lig van die behoorlikheidseise te beoordeel, gesond mee te ding met sy klasgenote en aanvaarbare sosiale verhoudinge op te bou wat byvoorbeeld deur groepwerk in die skool aangemoedig word (16, bl. 29).

In die senior groepe van die skool in die besonder is die kind meer ingestel op die gnostiese belewing van die leerinhoud. Die kind wil nou probleme aanpak, dit oplos en eksperimenteer, en logies volg dit dat hy genoegsaam geleentheid en die fasiliteite daartoe moet hê om byvoorbeeld projekte uit te werk en selfstandige naslaanwerk te doen. Hy wil nou waarnemend en denkend die leeropgaaf eksploreer en die nuwere daarin sy eie maak (9, bl. 152).

### 1.3.3 Kennisverwerwing en verstandsvorming

In die formele onderwys op skool neem die verwerwing van kennis en die ontwikkeling van vaardighede en die denkvermoë 'n baie prominente plek in. Elementêr gestel gaan dit dus in die onderwys daarom dat die kind met kennisinhoude gekonfronteer

word en dat die kind iets leer en by hierdie aktiwiteit is die verstand hoofsaaklik betrokke, ofskoon nie uitsluitlik nie (1, bl. 18). Hoewel dit tradisioneel dikwels die geval was, mag onderwys nie beskou word as 'n blote oordra van kennis nie, want in die onderwys lê daar ook ingebed alle regstreekse, doelbewuste en intensionele toewyding wat uitgaan van die volwassene tot die kind met die opsetlike doel om die kind te help en te steun tot 'n staat waar hy selfstandig op eie inisiatief sedelike besluite sal neem, daarvolgens sal handel en verantwoordelikheid vir sy besluite en handelinge op hom sal neem.

Die verwerwing van kennis bly in die opvoedingsgebeure en onderwysaangeleentheid 'n baie belangrike komponent en vandag word al hoe meer aandag aan die selfbemeestering van kennis deur die leerlinge gegee, en dit is in hierdie verband dat die skoolbiblioteek 'n belangrike rol kan speel en 'n groot bydrae tot suksesvolle en doeltreffende onderwys kan maak. Selfstandige navorsing, insig en kritiese interpretasie is nodig alvorens die kind die kennis wat oorgedra word sy eie maak.

'n Persoon het eers iets werklik geleer as hy in staat is om iets te doen wat hy nie voorheen kon verrig nie, of as hy iets weet waarvan hy nie voorheen kennis gedra het nie, of as hy 'n nuwe sienswyse of ideaal nastreef wat eers vir hom onbekend was (1, bl. 19) - maar die belangrikste toets om te bepaal of 'n persoon iets geleer het, is wanneer hy die verworwe kennis ook in ander situasies kan aanwend om probleme op te los.

As daar op die verskillende definisies en omskrywings van die begrippe onderwys en opvoeding gelet word, dan val dit op dat op die verwerwing van kennis 'n besondere klem gelê word in teenstelling met blote oordraging en klakkelose reproduksie aan uitwendig goed georganiseerde leerinhoude. Die beste wyse tot verwerwing van kennis bestaan daarin dat die mens tot selfaktualisering aangespoor word (7, bl. 96).

Met betrekking tot die vorming van die verstand van die opvoedeling, toon die werklikheid van die opvoedingsgebeure dat die mens (dus ook die kind) ook gevorm word deur die dinge waarmee hy moet worstel en sy eie moet maak om tot aktualisering van sy verstand te kom. As sodanig moet die opvoeding dus gesien word as die verskaffing van kennis aan en die verwerwing

daarvan deur die kind om hom tot aktualisering van sy verstand te steun, en selfaktiwiteit kan in hierdie verband 'n rol vervul.

Hierdie kennisverwerwing en verstandsvorming sou egter vir die opvoedeling geen betekenis hê as dit nie gesteun word deur die normatiewe nie, dit wil sê die waardeoordele. Die leerling moet doelbewus tot sedelike volwassenheid gelei word om in staat te wees om selfstandig en verantwoordelik tussen goed en kwaad te kan onderskei, dit wil sê om sedelike oordele uit te spreek oor sy keuses en die handelinge wat daaruit voortvloei. Aristoteles het reeds geleer dat kennis op sigself nie deug is nie, maar dat alleen dié kennis gevoeg by en gedra deur die wil om die goeie te doen, deug is (7, bl. 97).

Benewens die feit dat die skool aan die leerlinge die basiese beginsels en kernfeite van die verskillende vakke, die humaniora sowel as die natuurwetenskappe, verduidelik en hulle dit laat verstaan, moet die skool by die leerlinge veral die vermoë ontwikkel om op daardie basiese kennis selfstandig te kan voortbou, byvoorbeeld deur eie ondersoek en uitbouing van 'n sekere vakterrein deur middel van navorsing in die skoolbiblioteek. Dit sal dus ook nodig wees dat by die leerlinge 'n liefde vir en kennis van boeke wat die bron van kennis is, opgewek word, sodat hulle belangstelling op 'n groot verskeidenheid van terreine gerig kan word. Bowe alles moet by hulle 'n kritiese instelling ontstaan sodat hulle nie slegs napraters sal wees van dit wat hulle lees nie, maar dit met verantwoordelikheid sal deurdink en oorweeg en onafhanklik en selfstandig sal navors.

1.3.4 Denkskoling

Een van die belangrike take van die formele onderwys is die verheffing van die kinderlike denke. Die opvoedende onderwys moet die kind onder andere onderrig om reg en juis te dink en te handel. Omdat die mens se denkhandeling doelgerig is, geskied dit ordelik. Die denkhandeling omvat reeds die vraag wat om 'n antwoord roep en die denke intensioneel rig (7, bl. 174).

Een wyse van die mens se denkende uitgaan tot die wêreld is skeppende denke (kreatiewe denke). Die mens is skeppend denkend besig wanneer sy denke hom voer na nuwe inhoude waarvan hy nie vroeër bewus was nie. Dit is veral by die oorspronklike ondersoek, die persoonlike navorsing, soos by selfstandige studie in die skoolbiblioteek, dat die kreatiewe denke tot gedying kom.

1.3.5 Selfwerksaamheid as aktiewe selfdeelname van die kind in die onderwys

Daar is geen vrugbare onderwys en opvoeding moontlik sonder die deelname van die leerling nie (1, bl. 34). Selfs in die tradisionele luisterskool was leerlinge deelnemers in die opvoedingsituasie deur luisterend werksaam te wees om die leerstof te memoriseer. In die moderne didaktiek word daar egter 'n veel wyer betekenis aan die begrip "selfwerksaamheid" as aktiwiteit van deelname gegee as om net aktief te luister. Enersyds word in die didaktiese situasie gedink aan die leerlinge se aktiewe deelname deur nie slegs te moet luister by die aanbieding van 'n les nie, maar dat hulle ook prakties moet besig wees. Andersyds word hierdie gedagte verbind met 'n sekere vryheid waarvolgens die leerling onder toesig sy eie weg soek by die oplossing van 'n probleem. De Vleeschauwer formuleer hierdie stelling as volg: "Modern pedagogics has substituted an active type of education for passive receptivity, and a measure of self-activity for the mere assimilation of knowledge. Self-activity is the key-word of modern education" (20, bl. 51).

Volgens Prins (5, bl. 7) is daar 'n klemverskuiwing in die leersituasie vanaf die passiewe "absorpsie" na die aktiewe deelname (partisipasie). Daar is nou sprake van indiwiduele en koöperatiewe beplanning en eksplorasie, organisasie en die ontplooiing van die kind se inisiatief.

Selfwerksaamheid moet nie slegs beskou word as 'n blote fisiese aktiwiteit nie. Dit hou ook in dat die kind met 'n probleem gekonfronteer word wat 'n appèl tot sy intelligensie en insig rig. Dit word dus duidelik dat selfwerksaamheid as deelname van die kind 'n voorwaarde vir suksesvolle onderwys is.

In die moderne onderwys word pogings aangewend om die leerlinge in die onderwysgebeure tot selfaktiewe deelname aan te spoor, want onderwys is 'n wisselwerking tussen volwassenes en kinders en nie 'n eensydige gebeure nie. Daar word nie slegs 'n oproep op die kind se geheue gedoen nie, maar hy word as kind in totaliteit aangespreek (1, bl. 36).

Langeveld stel dit (10, bl. 67) dat die beste leerling nie die een is wat die meeste weet nie (geleer of gememoriseer het nie) maar die een wat die graagste leer en verder leer (eie kursivering). Die onderwyser moet hom dus die vraag stel hoe hy met sy onderrig die kind kan beïnvloed en oproep om belangstelling in en liefde vir leer te openbaar. In die Duitse taal word hierdie gesindheid as "lernfreudig" beskryf. Hierdie "leervreugde" kan nie geskep of gewek of behou word as die kind nie die leergebeure as betekenis- en sinvol met die oog op sy volwassewording beleef nie. Die kind moet selfondersoekend en selfontdekkend besig wees - sy leefwêreld of "umwelt" eksploreer en die betekenis en sin van leer begryp. Werk wat met belangstelling verrig word, het 'n blywende waarde in teenstelling met werk wat as 'n las beskou en so gou moontlik met die minste moeite afgehandel moet word (dikwels om nie die onderwyser se onguns op die hals te haal, of om straf vry te spring nie) sonder die minste aktivering om die leerinhoud eiebesit te maak.

Deur middel van gemotiveerde selfwerksaamheid as aktiewe self-deelname word daar 'n uitdaging tot die kind gerig om aktief aan sy eie vorming deel te neem. Deur hierdie appèl wat daar tot die kind gerig word, word onderwys in die diepste sin opvoedende onderwys (1, bl. 37).

Selfwerksaamheid vind maklik inslag by die kind omdat hy uiteraard 'n wese is wat wil ervaar, ondersoek en doen omdat hy anders wil word. Die inhoudelike van die leerstof word uitgebrei en kry meer diepte en breedte deur middel van onafhanklike selfnavorsing as wat hy in die lessituasie kry.

Dit is betekenisvol om te let op die resultate wat deur Overduin (1, bl. 37) aangehaal word in verband met 'n ondersoek wat uitgevoer is om die persentasie retensie te bepaal nadat

leerlinge op verskillende maniere geleer het. Hieruit is tot die gevolgtrekking gekom dat die leerlinge wat aan ondersoek deelgeneem het, na 'n spesifieke tyd 10 persent onthou het van wat hulle gelees het, 20 persent onthou het van wat hulle gehoor het, 30 persent onthou het van wat hulle gesien het, 50 persent onthou het van wat hulle gehoor en gesien het, 70 persent onthou het van wat hulle gesê het, en 90 persent onthou het van wat hulle gesê het terwyl hulle dinge gedoen het. Hieruit is die afleiding gemaak dat slegs deur die "ervaring en ondervinding" blywende kennisbesit verwerf kan word, dit wil sê ás die leerling die leersituasie belewe, kan kennisbesit verwerf word.

In die huidige komplekse wêreld is verworwe kennis alleen egter nie voldoende vir die indiwidu om sy plek vol te staan nie, want hy moet ook 'n selfstandig denkende en oordelende mens wees en om hierdie rol te kan vervul, moet hy toegerus wees om vreemde en onbekende probleemsituasies te bemeester en te ontknoop en nuwe opdragte op 'n denkende wyse uit te voer.

In hierdie verband is dit treffend om op die eise te let wat die Franse Ministerie van Onderwys aan die onderwys stel (26, bl. 234) wanneer daar van die onderwys verwag word om die kind só toe te rus dat: "they will be capable of facing unforeseen situations, of resolving unexpected problems, of thinking out new methods closely adapted to new aims, of doing what they have never done before; they will need to be able to examine every matter in the light of their principles and to reason from them ..... they will have to be trained to observe, to measure, and to criticize their own observations by submitting them to strict scrutiny, exhaustive analysis and conclusive proof".

Slegs 'n onderwysstelsel wat die kind se selfaktiewe deelname aan die onderwysprogram beklemtoon, kan hom toerus om aan die bogenoemde vereistes, wat nie sonder meriete is nie, te voldoen. Die instelling wat die beste bydrae lewer tot die selfwerksaamheidsmetode in die onderwys, is die skoolbiblioteek met sy oorvloedige hoeveelheid studiemateriaal. Daarom is die skoolbiblioteek 'n onmisbare komponent vir

doeltreffende moderne onderwys.

## 1.3.6 Indiwidualisering en selfwerksaamheid as aktiewe selfdeelname

In die huidige opvoedkundige denke ontwikkel daar al hoe meer die neiging om die tradisionele klassikale onderwys te bevraagteken, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die indiwidu in hierdie stelsel grootliks misken word.

Die klassikale onderwys kan omskryf word as onderwys aan die lerende groep as 'n "eenheid" wat betref die wyse van aanbieding, verwerking en evaluering van die leerstof. Hier kan dus sprake wees van 'n onderwys waarby alle leerlinge van dieselfde groep ooreenkomstig dieselfde rooster, dieselfde metode en met behulp van dieselfde leermiddele gelyktydig dieselfde leerstof verwerk (16, bl. 201). Hierdie beginsel is waarskynlik 'n uitvloeisel van Pestalozzi se strewe dat volksonderwys (onderwys vir almal) moontlik gemaak moet word.

Ofskoon die beginsel van klassikale onderwys vandag nog oor die algemeen 'n prominente plek in skole inneem, het die veranderende eise van 'n veranderende maatskappy hom al hoe meer gerig op die erkenning van die indiwidu as teenkant vir die beginsel van klassikale onderwys.

Die primêre beswaar wat teen hierdie tradisionele onderwysbeginsels ingebring kan word, is dat dit nie rekening hou met die indiwiduele verskille van kinders ten aansien van persoonstruktuur en milieu nie. Dit is 'n stelsel wat op die "gemiddelde" kind ingestel is en gevolglik heeltemal misplaas is omdat die begrip "gemiddelde" kind 'n fiksie is.

Uniforme leerstof en leertempo sien by die begaafdheidsverskille by kinders heeltemal verby. Die dwingende karakter van klassikale onderwys maak geen voorsiening vir die indiwiduele belangstellings, aanleg en vermoëns van kinders nie; daarby kan dit in sy opset nie wegkom van die luisterbeginsel nie en lei dit tot passiwiteit van die kant van die kind. Dit word gekenmerk deur 'n gebrek aan doelbewuste aktivering van die kind en dwing hom as't ware tot passiwiteit (16, bl. 204).

As gevolg van die "oor-dieselfde-kam-skeer" benadering, word die meer begaafde kind verwaarloos en die besondere behoeftes van die minder begaafde nie in aanmerking geneem nie.

Die begaafde kind word lui en verveeld omdat daar nie die nodige uitdaging aan sy talente gestel word nie. Sonder veel inspanning van sy kant kan hy redelike goeie prestasies lewer deur slegs die aantekeninge en die inhoud van die vakhandboek te reproduseer. Andersyds word gevind dat groot getalle druipelinge onder minder begaafdes voorkom wat dan noodgedwonge alle werk vir 'n jaar lank met groot verveling en frustrasie moet herhaal, sonder om uiteindelik beter in die formele eksamen te presteer. Hierdie praktyk gee dikwels aanleiding tot minderwaardigheidskomplekse en gedragsprobleme by kinders.

Indiwidualisering is 'n didaktiese begrip of beginsel waar van die standpunt uitgegaan word dat elke kind 'n unieke, eenmalige, onherhaalbare indiwidualiteit is en daar word rekening gehou met die oënskynlik eenvoudige antropologiese feit dat mense kwalitatief van mekaar verskil, ofskoon dit nie die feit misken dat alle mense gelykwaardig is nie. Indiwidualisering kan as 'n verset beskou word teen die skool se misbruik van die waardering vir die mens en sy massifikasie en nivellering (16, bl. 205).

As die kernfeit uit die oog verloor word dat elke mens eenvoudig anders as elke ander mens is, dan word daar tot die wanbegrip en drogredenasie van 'n "normale mens" verval en in die skoolse opset strand die onderwys op 'n uniforme lesrooster, -leergang, -leesboek en laastens op die gedagte van 'n "gemiddelde leerling" (16, bl. 223).

Psigologies gesien is dit kenmerkend van kinders dat hulle met 'n verskeidenheid van vermoëns, aanleg, neigings en belangstelling gebore word en dat elkeen op sy eiesoortige wyse hom aan die werklikheid sal waag en op sy eiesoortige wyse sal antwoord op die wyse waarop die werklikheid hom aanspreek en sy eie leefwêreld op sy besondere wyse sal eksploreer en konstitueer en die wêreld van die volwassene sal betree. As met die prinsipiële feit, dat die mens 'n spesifieke mens is, nie rekening gehou word in die onderwyspraktyk nie, word die kind in sy volwassewording gestrem en geskaad weens die beperkinge wat op hom geplaas word.

Omdat die onderwyspraktyk sodanig is dat daar nie geheel en al met die klassikale onderwysmetode weggedoen kan word en na

suiwer indiwiduele onderrig oorgeskakel word nie, moet daar nogtans verseker word dat die indiwidualiteit van elke leerling binne klassikale verband sover moontlik in ag geneem word. In hierdie verband bied die selfwerksaamheidsmetode soos geïmplementeer in 'n geïntegreerde skoolbiblioteek 'n besondere geleentheid om aan die kind se indiwiduele vermoëns, aanleg en belangstelling reg te laat geskied. Hierdeur word elke kind in staat gestel om die leerstof op sy eie manier, na gelang van sy eie belangstelling en teen sy eie tempo te verwerk.

Selfwerksaamheid impliseer nie noodwendig dat leerlinge almal aan dieselfde opdrag moet werk nie. 'n Verskeidenheid van opdragte kan aan die leerlinge voorgelê word waaruit elkeen dan sy besondere keuse van 'n onderwerp doen ooreenkomstig sy vermoë en belangstelling. Hierdie wyse van selfwerksaamheid is ook nie veronderstel om aan die onderwyser se taak as opvoeder afbreuk te doen nie, want terwyl die leerlinge met die take besig is, hetsy in die klaskamer of in die skoolbiblioteek, vind die onderwyser geleentheid om indiwiduele leiding aan leerlinge te gee. Daar is dus bloot 'n klemverskuiwing in die taak van die onderwyser. Waar hy onder die suiwer klassikale metode uitsluitlik onderrig gee en dikwels 'n alleenspraak voer, neem hy nou 'n rol van leiding gee aan met die oog op selfaktiewe deelname deur die leerlinge.

Waar klassikale onderwys na die middelmatigheid neig omdat dit op massa-onderrig ingestel is, herstel die skoolbiblioteek die regte van die indiwidu omdat hy na vermoë kan presteer. Die skoolbiblioteek hoef geen onderwysvlak of graad of intelligensiepeil in aanmerking te neem nie, want elke leerling benut die fasiliteite van die skoolbiblioteek volgens sy eie vermoëns. Die begaafde sowel as die minderbegaafde leerling werk teen sy eie tempo en die onderwyser kry die geleentheid om die indiwiduele aandag aan die minderbegaafde te gee sonder dat die begaafde leerling daardeur opgehou of gestrem word.

Die skoolbiblioteek vorm die vertrekpunt van die formele onderwys op weg na wyer horisonte. Dit open die weg tot 'n groter kennis van aangeleenthede wat in die klaskamer slegs vlugtig aangeraak is en waarvan 'n bewustheid ontstaan het. Dit bring ook die moontlikheid mee van ondersoek en kennis van

sake wat in die klaskamer oor die hoof gesien of verswyg is. Die skoolbiblioteek is nie tydsgebonde in die sin waarin die klaskamer dit is nie; daarom dat dit so 'n belangrike aanvullende rol tot die klassikale onderwys kan vul. Die afgerolde aantekeninge, swartbordaantekeninge en dikteerwerk het geen plek in die selfwerksaamheidsmetode nie en selfs die vakhandboek verloor die tradisionele dominerende rol in die leersituasie. Die klem verskuif nou na die skoolbiblioteek as navorsingsentrum vir die mees uiteenlopende ondersoek wat die leerlinge onderneem.

In die skoolbiblioteek vorm boeke die boustene in die vormingsprogram van die kind, want boeke verteenwoordig die kennis van die ganse mensheid. Haines maak die volgende stelling in dié verband: "Formal education applies its patterns to the mind but only through books does the mind itself enrich, deepen, apply, modify and develop those patterns in individual life .... We may learn much simply from living and working, but the enduring materials of knowledge, prepared for us through centuries of thought and labour, are stored for us in books" (12, bl. 3-4).

1.3.7 Vryheid en selfwerksaamheid as aktiewe selfdeelname

Die mens bly gedurig 'n soeker na vryheid. In hierdie strewe na vryheid voel hy die gebondenheid van die konvensies aan en kom hy in verset teen gesag wat sy persoonlike vryheid aan bande lê. In die jongste tyd veral is dit opmerklik hoe die jeugdige in opstand kom teen die gevestigde tradisies en norme van die maatskappy. Hierdie gevoel van "wegbreek" van dit wat konvensioneel en konserwatief is, kom op vele terreine van die maatskappy tot uiting, as verabsolutering van die vryheid as vryheid van verantwoordelikheid. Daar rus op die skool 'n besondere taak om deur geleide vryheid die kind tot verantwoordelikheid te bring, sodat hy toenemend onder die gesag van die norme keuses kan doen en die verantwoordelikheid daarvoor kan dra totdat hy eventueel sy vryheid-tot-verantwoordelikheid sodanig verwerf het dat hy ooreenkomstig die normbeeld van volwassenheid lewe. Dit is die taak van die onderwyser om op skool dit by die kind tuis te bring dat ware vryheid alleen kan bestaan waar wetmatigheid en orde is. Die mens is slegs vry solank hy aan sekere norme beantwoord en aan sekere wette

gehoorsaam is. Verbreek hy hierdie wette, word sy vryheid hom ontneem, want 'n maatskappy waarin die mens nie beperkinge op sy doen en late het nie, sal gou ontaard tot 'n toestand van vryheid slegs ter wille van vryheid.

Die mate van vryheid wat aan die kind toegelaat word, hang ten nouste saam met die mate waartoe die kind verantwoordelikheid kan dra en aanvaar. Die kind toon selfstandigheid en moet toegelaat word om die verantwoordelikheid te dra waartoe hy in staat is. Die onderwyser kies vir die kind en wissel sy keuses toenemend af met geleenthede vir die kind om self te kies en verantwoordelikheid vir sy keuses te aanvaar. Hierdie wyse van steungewing vorm die grondslag van onderwys en opvoeding. Dus is geleide vryheid tot verantwoordelikheid een van die voorvereistes vir selfwerksaamheid in die onderwys. Hierdeur word bedoel dat die leerling reeds van vroeg af in staat gestel moet word om 'n geleide keuse te doen van die take wat hy wil uitwerk. "..... staan wij van jongs af aan een zekere speelruimte in hun prestatie toe en trachten wij het initiatief van het kind te bevorderen. Pas wanneer men ten volle heeft erkend, dat het kind vrijheid hebbe tot eigen initiatief, kan men zich veroorloven te spreken over een positieve betekenis van het nietvrij zijn in zijn taak" (13, bl. 48-49).

Wanneer van leerlinge verwag word om self 'n werkstuk met die inskakeling van die biblioteek af te handel, moet hulle die geleentheid kry om self hulle taak of aspek daarvan te kies en verantwoordelikheid vir die afhandeling daarvan te aanvaar. Hulle is nou vry om op eie inisiatief bronne te raadpleeg en om tot 'n eie resultaat volgens hul eie vermoëns te kom waarvoor hulle verantwoordelikheid moet aanvaar. Die volgende aanhaling uit 'n werk van De Vleeschauwer sluit hierby aan:

"Whereas instruction has to be given on the basis of collective discipline, and must be governed by a certain measure of compulsion, the library by its nature is always an oasis of freedom where the youngster learns to use his freedom, even in the execution of one of his group tasks" (20, bl. 59).

# HOOFSTUK 2

## METODES EN STELSELS VAN SELFWERKSAAMHEID IN DIE ONDERWYSPRAKTYK

### 2.1 PROJEKONDERWYS

Kilpatrick, wat die grondlegger van die projekmetode in die onderwys is, omskryf die stelsel as 'n definitiewe, duidelike, doelbewuste taak waarmee die leerling gekonfronteer word. Dit is vir hom van die allergrootste belang in die sin dat dit 'n ooreenkoms toon met die aktiwiteit van die mens soos dit daagliks in sy lewe voorkom.

Die woord "projek" as sodanig kom van die Latynse woord "projektum" wat bedoeling, oogmerk, ontwerp of plan beteken. In klaskamerverband beteken dit dus dat die onderwyser saam met die klas 'n bepaalde onderwerp bestudeer of 'n projek as 'n bepaalde probleem omlyn. Vandaar dat die ontstaan van projekonderwys gesien kan word as 'n behoefte om die wêreld tussen die skool en dié daarbuite te oorbrug (16, bl. 242). Die projek is 'n sinvolle taak wat die leerling moet aanspreek en hom moet aktiveer. Sterk klem word op werklikheidsonderwys gelê. Die leergebeure word vir die kind sinvol gemaak deurdat hy met hart en hand aktief besig moet wees. Omdat die leergebiede deur middel van die projek tot 'n sinvolle geheel georden word en ook aansluiting by ander beginsels vind, vorm integrasie 'n belangrike grondslag van hierdie metode. Die beginsel van spel by jonger leerlinge kan ook op baie vrugbare wyse by hierdie metode aangewend word. Uiteraard speel selfwerksaamheid en die skoolbiblioteek 'n primêre rol in hierdie onderwysmetode.

Die stappe wat by projekonderwys aangetref word, kan as volg saamgevat word (16, bl. 49):

(1) Die onderwerp word aan die leerlinge voorgestel.

(2) Onder die leiding van die onderwyser word die onderdele van die projek bepaal, gerangskik en getoets volgens belangrikheid.

(3) Die klas word in groepe verdeel en die onderwyser sien toe dat die groepering op 'n gelykwaardige basis geskied met inagneming van intelligensie, inisiatief, selfstandigheid en begaafdheid.

(4) Aan elke groep word 'n bepaalde onderdeel van die projek opgedra.

(5) Die leerlinge ontvang leiding van die onderwyser in verband met samewerking van die lede van die groep onderling sowel as tussen groepe soos onder andere die uitruiling van materiaal.

(6) Vervolgens gaan die leerlinge en versamel stof uit handboeke en die skoolbiblioteek. In 'n hedendaagse goed toegeruste en georganiseerde skoolbiblioteek ontvang die leerlinge addisionele leiding van die skoolbibliotekaris.

(7) Aan die hand van die versamelde materiaal word 'n skema aan die onderwyser voorgelê.

(8) Na goedkeuring van die skema gaan die leerlinge voort om die projek te voltooi.

(9) Elke groep lewer skriftelik verslag aan die onderwyser met inbegrip van statistiek, sketse, grafieke, en so meer. Handearbeid word waar moontlik ingeskakel by die projekte, byvoorbeeld in materiaal soos klei, papier, hout, en so meer.

(10) Evaluering vind plaas deur die onderwyser en daar word desnoods 'n uitstalling van werk gehou om die werk aan ander leerlinge van die skool te toon, wat ook as 'n metode van aansporing kan dien.

## 2.2 EVALUERING VAN DIE PROJEKMETODE (16, bl. 243)

Die moontlike voordele van die projekmetode in die onderwys is die volgende:

(1) Hierdie metode laat reg geskied aan die leerinhoud deur middel van integrasie en die hele leergebeure word vir die kind 'n sinvolle aangeleentheid. Die leerinhoud plaas die kind midde in die werklikheid, in die besonder met betrekking tot die oplossing van lewensprobleme. In hierdie lig gesien word die leerwêreld van die kind ook leefwêreld.

(2) "By die leerlinge bevorder projekonderwys verantwoordelikheid tesame met 'n kritiese oordeel, noukeurige deurskouing, 'n redeneervermoë, inisiatief, samewerking, respek vir die ander, deursettingsvermoë, oopheid, kreatiwiteit en selfkritiek". Verder is die projekmetode

bevorderlik vir selfstudie en selfondersoek waaraan daar in die onderwys dikwels 'n groot gebrek is.

(3) Projekonderwys bied uitstekende geleentheid vir indiwidualisering in die onderwys, in die besonder vir die beginsel van differensiasie. Groepwerk speel ook 'n belangrike rol in die besondere metode.

(4) Die sosiale moment kom tot sy reg in projekonderwys. Die samewerking tussen leerlinge onderling is bevorderlik vir 'n sterk gemeenskapsgevoel met genoegsame erkenning van die indiwidu.

(5) Die nodige respek vir die arbeidswêreld word by die kind gevestig.

(6) Die aard van die projekonderwys is sodanig dat die verkennende en ontdekkende moment in die leerhandeling beklemtoon word en terselfdertyd verskaf dit 'n definitiewe motivering vir die leergebeure.

Nieteenstaande die positiewe momente in die projekstelsel kan daar ook sekere besware teen ingebring word. Hierdie besware kan nie oor die hoof gesien word nie en is die volgende:

(1) Ofskoon nie onmoontlik nie, is dit moeilik om die projekmetode in die praktyk met die tradisionele klaskamerorganisasie te versoen. Die klaskamerorganisasie en vaste lesrooster kan nie ten volle aan die projekmetode opgeoffer word nie. Vir ordelikheid en reëlmaat is so 'n klaskamerorganisasie en lesrooster 'n noodsaaklikheid. Sonder die nodige orde kan die didaktiese oogmerke van die projekmetode skipbreuk ly.

(2) In die projekmetode is dit nodig om gedurig daarteen te waak dat wat die leerstofkeuse betref, die onderwyser nié te outokraties sal optree nie, want dan sal indiwidualisering skipbreuk ly. Die teenkant is dat die groter vryheid van keuse wat die leerling toegelaat word, 'n gebrek aan koördinasie in die leerstof kan laat ontstaan wat op toevalligheid en sisteemloosheid kan uitloop. Vir sekere vakgebiede, soos die Wiskunde, kan dit ernstige gevolge inhou. (16, bl. 244).



25859

(3) Die onderwyser moet die leerstof baie deeglik orden om te voorkom dat daar gapings in die sillabus ontstaan. Daar moet verseker word dat die verskillende leergebiede elkeen minstens 'n regmatige plek kry.

(4) 'n Wesenlike beswaar wat teen die projekmetode ingebring kan word, is dat alle vakgebiede hulle nie ewe geredelik tot hierdie metode leen nie; so word daar byvoorbeeld ondervind dat in die primêre skool lees, skryf en rekene probleme oplewer.

(5) By die keuse van 'n projek is oorskatting of self-oorskatting van die leerlinge 'n gevaar wat daartoe kan lei dat belangstelling in die projek kwyn en die metode op 'n mislukking afstuur.

(6) Van der Stoep (16, bl. 244) plaas 'n vraagteken oor projekonderwys in die sekondêre skool omdat, so beweer hy, die kind se kritiese vermoë sy vaardigheid vooruit loop en daar dus sprake kan wees van 'n remmende faktor by die aanpak van projekte.

(7) In die metode van groepwerk kan dit maklik gebeur dat die minder begaafde leerling nie sy deel doen nie en maar slegs met die groep saamloop.

(8) Doeltreffende projekonderwys stel hoë eise aan die onderwyser. Die gevaar is egter dat die onderwyser die hele aangeleentheid as 'n blote aktiwiteit aan die kant van die leerlinge sien en dat hy agter die selfwerksaamheid kan skuil om sy onderwysende verantwoordelikhede te ontsnap.

(9) Projekonderwys vereis omvangryke navorsingsmateriaal vir sowel die kind as die onderwyser. Hierdie materiaal is nie in alle vakgebiede maklik bekombaar nie.

(10) Projekonderwys is tydrowend en duur, neig na die breedte in plaas van diepte en kan drilwerk en oefening benadeel.

## 2.3 DIE MONTESSORI-STELSEL

Hierdie stelsel soos ontwerp deur dr. Maria Montessori lê klem op die indiwiduele ontplooiing van die kind deur

spontane aktiwiteit. Die onderwyser bly meer op die agtergrond en vervul die rol van 'n waarnemer en leier terwyl die kind so vry moontlik gelaat word.

Daar kan talle besware teen die stelsel ingebring word soos byvoorbeeld dat die stelsel hom maklik leen tot onordelikheid wat die leergebeure kan laat skipbreuk ly en dat dit intellektualisme op die voorgrond skuif. Die stelsel is 'n reaksie teen die tradisionele klassikale onderrig waar selfwerksaamheid en indiwiduele vryheid nie tot sy reg gekom het nie. Selfwerksaamheid is dan ook die primêre kenmerk van die stelsel.

Ofskoon die stelsel in baie gevalle aan vasgelegde leermiddele vasgeknoop is, word in dié skole waar dit wel toegepas word, skoolbiblioteke gevind waar die leerlinge naslaanwerk doen om sekere opdragte uit te werk.

Dr. Montessori beklemtoon die feit dat die kind van nature 'n aktiewe mens is en werkend besig wil wees. As hierdie kenmerk van die kind produktiefin die regte kanale gelei word, ontplooi hy en maak hy nie van homself 'n las nie. Dr. Montessori se bydrae tot die onderwys bestaan daarin dat sy selfwerksaamheid en selfgedying by die kind beklemtoon en dat spontane selfaktiwiteit tot vrugbare en doeltreffende leer kan lei.

## 2.4 DIE DALTON-PLAN

Die Dalton-plan wat deur 'n mejuffrou Parkhurst ontwerp is, is gebaseer op skriftelike take wat aan die leerlinge volgens 'n kontrakplan opgedra word. Die leerstof word verdeel in take wat oor periodes van 'n dag, 'n week, 'n maand en 'n jaar voltooi moet word. Die leerlinge kan 'n keuse uitoefen in verband met die take wat hulle wil aanpak. Die opdragte moet egter binne 'n voorgeskrewe tyd afgehandel word.

Die take word vooraf deur die onderwyser met die leerlinge bespreek en verduidelik. Hierna, terwyl die leerlinge aan die take werk, besit hulle 'n groot mate van vryheid om van een werkkamer na die ander te beweeg of om die biblioteek te besoek en deur middel van allerlei hulpmiddels onder die leiding van die onderwyser die taak saam te stel.

Die kerngedagte van die Dalton-plan is weer eens om die beginsel van selfwerksaamheid en onafhanklike en selfstandige navorsing te beklemtoon en sodoende die onderwys te indiwidualiseer en te differensieer.

Die leersituasie word so georganiseer dat die leerlinge soveel moontlik vry gelaat word om waar te neem en te eksperimenteer in teenstelling met die klassikale metode waar die onderwyser grootliks alles vir die leerlinge doen by wyse van demonstrasie en voordrag, terwyl die leerlinge luisterend moet leer.

Ten einde suksesvol te funksioneer, is 'n goed georganiseerde en goed toegeruste skoolbiblioteek 'n voorvereiste. Deur middel van hierdie metode het mejuffrou Parkhurst die skoolbiblioteek direk aan die onderwys gekoppel en bereik die selfstandigheid van die leerling sy volle diepte deur die aktiewe skoolprogram (1, bl. 48).

Dieselfde kritiek as teen die voorafgaande stelsels kan teen die Dalton-plan ingebring word, naamlik, dat dit onordelikheid en ongekoördineerdheid in die hand kan werk, terwyl orde en koördinasie 'n voorvereiste vir suksesvolle onderwys is.

## 2.5 DIE WINNETKA-PLAN

Hierdie metode beoog eweneens om van die tradisionele klassikale onderwys weg te kom. Die leerplan word verdeel in sogenaamde basiese kennis, groepswerk en skeppende bedrywighede. Pogings word ook aangewend om 'n balans te skep tussen indiwidualisering en sosialisering. In hierdie stelsel word daar besondere klem op die waarde van biblioteekmateriaal gelê om in die behoeftes van die verskeidenheid van vakke te voorsien. Dit is die basiese uitgangspunt dat die leerling vroeg reeds met sowel die inhoud van die skoolbiblioteek as met selfstandige studiemetodes vertroud gemaak moet word. Dwarsdeur die skoolloopbaan bly die skoolbiblioteek toeganklik vir die leerlinge en neem dit 'n al hoe meer prominente plek by selfstandige studie en navorsing in.

In die voorstad Winnetka van die stad New York waar hierdie stelsel ontstaan het, is bewys gelewer dat die selfwerksaamheidsprogram in 'n skool 'n besondere bydrae lewer tot die opvoeding

en onderwys van die kind; in die besonder vorm dit die grondslag van indiwidualisering en differensiasie.

## 2.6 ONDERWYSVERNUWING EN SELFWERKSAAMHEID IN DIE SEKONDÊRE ONDERWYS

Met die fenomenale vernuwing wat in die jongste jare, veral sedert die afloop van die Tweede Wêreldoorlog, op die gebied van die onderwys ingetree het, is dit opvallend dat op sekondêre skoolvlak 'n groot versigtigheid aan die dag gelê word met betrekking tot die implementering van ingrypende moderne stelsels nieteenstaande die feit dat groot klem op die beginsels van indiwidualisering en gevolglik differensiasie geplaas word.

In die geval van Brittanje en Swede waar die komprehensiewe skool sy grondslag vind, in die besonder in Swede met die negejaar-skool, word groot klem op differensiasie geplaas, maar daar word beweer dat indiwiduele werksaamheid nog grootliks 'n wensdroom is (1, bl. 52). In Nederland word selfwerksaamheid in die vooruitsig gestel deur die nuwe onderwysorganisasie soos beliggaam in die Mammoetwet.

In Transvaal word die noodsaaklike erkenning aan die indiwiduele verskille tussen leerlinge gegee met die eerste deurbraak wat in 1958 gemaak is toe gedifferensieerde sekondêre onderwys amptelik ingevoer is. Met die baanstelsel wat ingevoer is, is leerlinge in drie vermoënsgroepe ingedeel met die idee dat die bekwaamheidsgroep A meer aandag sal gee aan selfstandige navorsing en selfwerksaamheid in die skoolbiblioteek.

In verband met hierdie leerlinge beveel die Van Wyk-komitee (Transvaal) in 1955 (bl. 81) aan dat deur 'n verstandige vakkeuse en selfwerksaamheid hulle in die geleentheid gestel moet word om hulle denkvermoë te beoefen en toe te pas. Daar moet veelvuldige gebruik van die metode van selfuitvinding gemaak word deur die beskikbaarstelling van leerboeke en naslaanwerke en selfstandige proefneming in die laboratorium onder toesig van die vakonderwyser.

Aan hierdie leerlinge moet, aldus die Komitee (18, bl. 81), besondere take opgedra word wat navorsing en studie verg, en hulle moet verder toegelaat word om gedurende lesperiodes die klaskamer te verlaat om die skoolbiblioteek of 'n spesiale werkkamer te besoek waar hulle rustig aandag aan hulle werk kan wy.

Ook in die geval van die B-bekwaamheidsgroep word selfstandige navorsing deur die leerlinge in die vooruitsig gestel mits die leerlinge onder die regstreekse leiding van die vakonderwyser kan werk.

In die geval van die C-bekwaamheidsgroep word daar besef dat hierdie leerlinge as volwassenes selde die voorreg sal smaak om 'n werkprojek indiwidueel af te handel; daarom moet hulle van vroeg af aan tot spanwerk aangespoor word en is die aanwending van die projekmetode om groepwerk en selfstandigheid te bevorder, van die allergrootste belang (18, bl. 81).

Op hierdie wyse word dan beoog om die leerlinge doelbewus te konfronteer met die leerstof ooreenkomstig hulle besondere begaafdheid, want ook in die geval van die C-bekwaamheidsgroep moet daar met die stelling van De Vleeschauwer met betrekking tot selfwerksaamheid in die moderne onderwys rekening gehou word, te wete: "As opposed to the mere transfer of knowledge, the main object of modern education is training for self-activity, self-initiated investigation and a proper mastery of the methods of investigation" (21, bl. 62).

In 1967 beweer Overduin (1, bll. 53, 54), na 'n baie grondige studie van die skoolbiblioteekaangeleentheid, dat nieteenstaande die uitsprake dat die skoolbiblioteek onontbeerlik is vir gedifferensieerde onderwys (met sy beklemtoning van selfwerksaamheid) en dat 'n goed georganiseerde, welvoorsiene en geïntegreerde skoolbiblioteek 'n voorvereiste vir die beleid van gedifferensieerde onderwys is, die patroon in die meerderheid van die Transvaalse hoërskole wat selfwerksaamheid en wat die gebruik van dié skoolbiblioteek betref, nie veel verander het sedert die invoering van gedifferensieerde onderwys nie.

Op die beginsel van selfwerksaamheid en indiwidualisering word sedert 1966 deur middel van die matrikulasieprojek, uitgebou. Deur middel van hierdie eksperiment van die Transvaalse Onderwysdepartement word 'n twintigtal skole van eksterne matrikulasie-eksamens vrygestel en toegelaat om selfstandig hulle eie eindeksamen intern af te neem. Die doel met hierdie eksperiment is om die leerlinge 'n meer alsydige onderrig te gee en hulle voor te berei vir die lewe en 'n tersiêre onderwysloopbaan.

Die metodes wat in hierdie eksperiment toegepas word en wat afwyk van bestaande metodes, kom op die volgende neer (14, bll. 7, 8):

(1) Die leerlinge word onderlê in meer selfstandige studie en ondersoek.

(2) Daar word gepoog om meer selfstandige, kritiese en objektiewe denke by die leerling te bevorder.

(3) Leerlinge ontvang meer oefening in die logiese en sistematiese uiteensetting en afronding van 'n stuk werk.

(4) Daar is meer oefening in die samestelling van 'n stuk werk uit verskillende bronne.

(5) Doeltreffende gebruik word gemaak van die skoolbiblioteek en ander bronne in die selfstandige studie en navorsing.

Alle tekens dui daarop dat ofskoon die eksperiment nog nie lank in werking is nie, daar 'n groot verandering in onderwysmetodes plaasvind. Veral is daar groot belofte dat die skoolbiblioteek 'n besondere rol in die hele selfwerksaamheidsprogram sal speel. Ten einde onderwysers vertroud te maak met die dienste wat die skoolbiblioteek in dié verband in elke vak aanbied, word daar periodiek deur die Transvaalse Onderwysbiblioteekdiens kursusse by verskeie sentrums gereël.

## 2.7 GEVOLGTREKKINGS

Die skool is wat sy leerinhoud en metodes betref 'n konserwatiewe instelling, want die onderwysgeskiedenis het geleer dat alle nuwerwetsighede nie altyd in die praktyk met sukses kan geïmplementeer word nie. Moderne opvoedkundige denke vereis egter van die onderwys dat dit, in teenstelling met die tradisionele gebruik van 'n starre klassikale stelsel wat hoofsaaklik op die luisterskool ingestel is, die klem in die onderwys op indiwidualisering, differensiasie en selfwerksaamheid sal moet plaas.

Groter vryheid moet aan die leerling gegee word om teen sy eie tempo en volgens sy persoonlike belangstelling en vermoë te werk. Daar het 'n klemverskuiwing in die onderwysmetodiek plaasgevind in die sin dat onderwys nie meer onderwyser-

gesentreerd is nie, maar kindgesentreerd. Prins stel dit as volg (15, bl. 26):

"Leren eist de inzet van de totale persoonlijkheid van het kind, doceren de inzet van de totale persoonlijkheid van de didacticus. Met dit uitgangspunt als conditio sine qua non zal het mogelijk zijn al experimenterende een synthese te vinden tussen een logische en een kinderpsychologische ordening der leerstof, tussen een 'teacher' en een 'childcentered curriculum', tussen het in vakken gesplitste onderwijs en het onderwijs waaraan de integratie gedachte ten grondslag ligt, tussen het klassikaal onderwijs en een onderwijs dat rekening houdt met verschillen in aanleg, ontwikkelingstempo, belangstelling en milieu der leerlingen."

Ten einde hierdie oogmerk van indiwidualisering en differensiasie in die onderwys te verwesenlik, kan die skoolbiblioteek 'n besondere bydrae lewer.

# HOOFSTUK 3

## DIE SKOOLBIBLIOTEEK IN DIE ONDERWYSPRAKTYK

### 3.1 BEGRIPSBEPALING

In die woord skoolbiblioteek, lê daar twee afsonderlike begrippe opgesluit, te wete skool en biblioteek.

Die skool is die kulturele instelling waar onderrig gegee word aan die volwasse-wordende kind in die basiese beginsels en kernfeite van die verskillende vakke wat sowel die humaniora as die natuurwetenskaplike vakke behoort in te sluit. Verder moet die skool by die leerlinge die vermoë ontwikkel om op daardie basiese kennis selfstandig te kan voortbou (1, bll.31, 32).

Die skool het die taak om die kind deeglik voor te berei vir die volwasse lewe, dit wil sê vir die beroepsbestel, maar met die nodige en voortdurende aandag aan die normatiewe. Die kind moet deur die skool doelbewus gelei word tot sedelike volwassenheid sodat hy verantwoordelik, selfstandig en verantwoordend kan onderskei en kies tussen goed en kwaad. Langeveld sê in dié verband (13, bl. 160): "De school kan haar werkelijke aard niet verlochenen: zij is in de loop der eeuwen een weg der menswording geworden."

Die woord biblioteek na sy Griekse oorsprong bestaan verder uit twee begrippe naamlik biblion (=papirusrol of boek) en thèkè (=bewaarplek). Die Romeine noem dit libraria, afgelei van die woord 'boom'. Die Romaanse spraakgebruik het die Griekse term biblioteca, biblitheque oorgeneem en die Germaanse taal het die Latynse term oorgeneem. In Middelhoogduits en Middelnederlands word gepraat van librye, libreye en Luther praat van librarye.

As opsetlike versameling van boeke het die biblioteek, afgesien van 'n paar uitsonderings, die bewaring van die menslike kennis en die oorlewering daarvan aan die komende geslagte as doel gestel; dit is dus 'n versameling dokumente van die verlede aan die toekoms (25, bl. 10). So bestaan daar vandag openbare biblioteke, universiteitsbiblioteke, spesiale biblioteke en skoolbiblioteke.

In die samestelling "skoolbiblioteek" hou die woord veel meer in as die som van die dele, want dit is nie net 'n biblioteek in die skool nie. Dit is 'n inherente deel van die onderwysende opvoeding wat die moderne skool bied (1, bl. 58).

In sy totaliteit is die skoolbiblioteek so 'n wesenlike bestanddeel van die onderwys en so 'n voorvereiste vir die doelbereiking daarvan dat dit onmisbaar vir doeltreffende opvoedende skoolonderwys is (3, bl. 1).

## 3.2 BETEKENIS EN DOEL VAN DIE SKOOLBIBLIOTEEK

In die tradisionele skoolbiblioteek was die vernaamste oogmerk van die biblioteek om vir die leerlinge ontspanningsfasiliteite te skep en 'n uitbreiding van hulle kennis van die letterkunde deur 'n leeslus te aktiveer. In hierdie behoefte kan deur enige biblioteek voorsien word. Hierdie doelstelling wat met die skoolbiblioteek nagestreef is, het ten nouste met die onderwysmetodes saamgehang waar die bybring van feitekennis die vernaamste oogmerk was en die vakhandboek 'n baie prominente rol vervul het. Ofskoon die inhoud van die skoolbiblioteek 'n baie beperkte veld gedek het, gewoonlik 'n klompie romans en ligte leesstof, word daar nie gepoog om die waarde van die tradisionele skoolbiblioteek te ontken nie. In sy tradisionele gedaante was die skoolbiblioteek egter hoofsaaklik 'n hulpmiddel en nie 'n wesentlike faktor in die onderwysgebeure nie. De Vleeschauwer formuleer die doelstelling van die skoolbiblioteek as volg (20, bl. 4): "The basic aims of the school library should be the education towards spiritual freedom and individuality of thinking rather than the positive contribution and extension of science and culture .... the school library is in the position of making a unique contribution to the true spiritual development of the individuals of contemporary society. ... The true meaning and value of the school library lie in effecting a spontaneous appreciation for spiritual freedom and for critical thought in the gradual development of the individual from childhood" (20, bl. 4).

Met die vernuwing in die onderwys, in die besonder sedert die Tweede Wêreldoorlog, ondergaan die skoolbiblioteek 'n wesentlike verandering in sowel fisiese omvang as wat betref sy betekenis

en rol in die onderwysprogram. In die jongste tyd het die skoolbiblioteek sy tradisionele biblioteekkarakter verloor, 'n eiesoortige karakter verwerf, en sy bestaansreg en doel in die nuwe werkswyses van die onderwys verkry.

In die moderne onderwysdenke word daar in die praktyk al hoe meer klem gelê op die selfwerksaamheid en selfontdekking deur die leerling self, die verwerwing van insig versus parate kennis, en die ontwikkeling van 'n kritiese denke. In hierdie verband is daar onder die besef gekom dat die skoolbiblioteek nie 'n verwaarloosbare byvoegsel tot die skool is nie, maar dat dit daadwerklik tot die onderwysende opvoeding kan bydra. Trouens, die postulaat is geldig dat in die moderne onderwys 'n geïntegreerde skoolbiblioteek 'n absolute voorwaarde is (3, bl. 2).

Die inskakeling van die skoolbiblioteek in die skoolprogram sluit sowel kurrikulêre as ekstra-kurrikulêre aktiwiteite in. Die skoolbiblioteek moet voldoen aan die behoeftes wat die skoolwerk op vakgebied stel, maar dit moet ook voorsiening maak vir ekstra-kurrikulêre belangstelling en ontspanning van die leerlinge. Tussen hierdie twee aspekte moet 'n gesonde balans bewaar word. In die verlede is die klem hoofsaaklik op die ontspanning geplaas, dit wil sê die lees vir die genot. Daar moet teen gewaak word dat die klem in die huidige bedeling nie te veel na die ander uiterste verskuif nie. Die mens is 'n psigies-somaties-geestelike wese en die onderwys moet voorsiening maak vir die opvoeding van die mens in totaliteit.

In 'n maatskappy waar groot uitdagings aan die mens se kennis gestel word, waar daar 'n felle wedywering op alle lewensterreine is, moet die doel van die onderwys ook wees om die vermoëns van die indiwidu tot die hoogs moontlike mate te laat ontplooi sodat hy in hierdie komplekse maatskappy sy regmatige plek kan inneem as burger wat aan die eise van volwassenheid voldoen.

Hierdie doelstelling kan nie deur verouderde en ondoeltreffende onderwysmetodes soos byvoorbeeld meganiese memorisering van feite uit teksboeke en aantekeninge bereik word nie. Skeppende onderwys waarin elke indiwidu ooreenkomstig sy vermoëns tot sy reg kan kom, kan slegs deur selfstudie, selfdenke

en verantwoordelike taakaanvaarding bereik word. In hierdie verband is die moderne skoolbiblioteek die aangewese hulpmiddel. "The library has had the opportunity of bringing pupils and books into constant contact and to establish the essential links of mind and truth with verification and control. No other system can permanently secure the ideals of modern pedagogy. It is mainly for this reason that the school discovered the library in the 20th century and that the library has come to occupy a central place in education" (20, bl. 21).

'n Buite-instansie soos byvoorbeeld 'n dorps- of stadsbestuur kan 'n biblioteek in 'n skool plaas, dit organiseer en administreer maar in die moderne onderwys waar die skoolbiblioteek so 'n integrerende deel van die skool en onderwysprogram is, sal so 'n biblioteek nie 'n skoolbiblioteek in die ware sin van die woord wees nie, want 'n buite-instansie kan beswaarlik die diens en leiding aan die leerlinge bied in skoolse verband waar die skoolbibliotekaris in die eerste instansie onderwyser-opvoeder is. Die skoolbiblioteek is veel meer as die beskikbaarstelling van boeke aan leerlinge, dit het 'n wesentlike aandeel in die opvoeding van elke kind tot volwaardige lid van die samelewing. Die skoolbiblioteek is nie 'n biblioteek wat aan 'n skool verbonde is nie, dit is 'n pedagogiesaktiewe dienssentrum in die skool wat sy bestaansreg verkry het uit die voortdurende hulp wat dit lewer in die opvoedende onderwys van die kind (1, bl. 61).

Ten einde sy doel te bereik, breek die skoolbiblioteek met die tradisionele onderwysmetodes en plaas die klem op selfaktiwiteit en selfnavorsing. Deur middel van hierdie metode kom individualisering en differensiasie eers tot sy reg in teenstelling met die massafikasie van tradisionele klassikale onderrig.

Die skoolbiblioteek dek die hele breë stroom van kennis van die skool en oorbrug die gapings wat daar oënskynlik vir die kind tussen vakke bestaan, soos uit die volgende aanhaling blyk: "In the curriculum there are differentiated subjects and differentiated tasks, but it is in the library that their essential unity becomes clear" (20, bl. 19).

## 3.3 DIE FUNKSIE EN ROL VAN DIE SKOOLBIBLIOTEEK IN DIE ONDERWYSPRAKTYK

### 3.3.1 Aanskaffing en ordening van leesstof en ander materiaal, inligting en aktiewe ingebruikstelling daarvan

Die funksie van die skoolbiblioteek as onderwys- en leerhulpmiddel is veelvuldig, maar daar moet aanvaar word dat dit nie as plaasvervanger van die formele onderwys kan dien nie; dit is en bly 'n noodsaaklike aanvulling en hulpmiddel by die formele onderwys. Die skoolbiblioteek kan nie 'n doel op sigself wees nie, maar is 'n middel tot 'n doel, te wete die volle gedying van elke indiwiduele leerling tot sy volle potensialiteit ten goede. Dit is die indiwidu wat in die skoolbiblioteek in aanmerking geneem word, terwyl die klassikale onderrig in die eerste plek op die groep ingestel is. Uiteraard bied die skoolbiblioteek 'n vryer, meer informele studie- en leersituasie vir sowel die begaafde as die minder begaafde leerling. Selfs die jonger leerling besef gou dat hy hierdie vryheid moet gebruik om die studietake wat in die klaskamer aan hom opgedra is, hier te voltooi.

Sonder die nodige fasiliteite en geleenthede kan die doelstelling dat die kind selfstandig sal werk en dink en lewe nie verwesenlik word nie. Die skoolbiblioteek voorsien by uitstek in hierdie behoefte om studiegeleenthede daar te stel.

Die skoolbiblioteek is dié sentrum in die skool waar al die nodige apparaat voorsien word by wyse van 'n groot verskeidenheid vooraf- en vir dié doel-geselekteerde materiaal wat verteenwoordigend van al die lewensterreine van kennis is. Dit vervang die tradisionele teksboek en klasleesboeke.

Daar moet op gelet word dat die woord 'materiaal' gebruik word om die inhoud van die skoolbiblioteek aan te dui. Hierdie inhoud dui op veel meer as net boeke, want illustrasies, kaarte, films, strokiesfilms, skyfies, bandopnames, grammafoonplate, trouens alle audio-visuele materiaal, het alles deesdae 'n plek in die skoolbiblioteek en vorm bruikbare media van kennis wat as hulpmiddels ingeskakel word om die leergebeure te bevorder Die boek en die geskrewe woord bly natuurlik die doeltreffendste, veelsydigste en omvattendste hulpmiddel in die onderwys, en gevolglik is dit ook dié medium waarop die skoolbiblioteek primêr gefundeer is.

Die addisionele hulpmiddele moet in die perspektief gesien word dat hulle nie 'n doel op sigself is nie maar slegs aanvullende hulpmiddels bly. Trouens die skoolbiblioteek as geheel moet in hierdie lig gesien word. "The library should not be turned into something absolute. The library is not in any of its forms an end in itself. It is a utilitarian, pragmatic institution which must render a service; it must always be regarded as a means to an end if we consider education to be a preparation for life, and the ability to use a library an indispensable part of that preparation". (21, bll. 50, 51).

In die versameling van die biblioteekmateriaal moet daar gepoog word om dit so saam te stel dat dit verteenwoordigend sal wees van die kennis op alle lewensterreine en nie slegs van 'n groepie skoolvakke nie.

Benewens die feit dat die inhoud van die skoolbiblioteek die veelheid van die kennis en ervaring van die mensheid moet verteenwoordig, moet daar ook 'n balans wees tussen die verskillende soorte materiaal, byvoorbeeld, die tale waarin dit verskyn, parate naslaanwerke, vakliteratuur, verhalende lektuur, en so meer.

Die inhoud van die boeke in die biblioteek kan beswaarlik in waterdigte kompartemente of kategorieë vir gebruiksdoeleindes afgebaken word met betrekking tot ontspanning en studie, want wat die een vir ontspanning lees, mag vir 'n ander ernstige studiemateriaal wees.

### 3.3.2 Algemene leesleiding

'n Belangrike funksie wat deur die skoolbiblioteek vervul word, is die voorligting wat die kind hier ontvang in die keuse van geskikte materiaal vir 'n bepaalde doel en hoe om krities te lees, te redeneer, te evalueer en te reproduseer. Hierdie voorligting is deel van 'n stelselmatige program om die kind te onderrig hoe om boeke vir studiedoeleindes te gebruik. In hierdie program vind daar 'n praktiese, gemotiveerde toepassing van die leerstof plaas en leiding word aan indiwidue en groepe verleen deur sowel die betrokke vakonderwyser as die onderwyserbibliotekaris.

Algemene leesleiding impliseer dat daar voortdurende, doelbewuste en ook terloopse leiding aan die leerlinge verskaf sal word met betrekking tot die keuse van boeke om te lees, en dat daar gestreef sal word om 'n begeerte om te lees by die kind te wek, vir sowel ontspanning en tydverdryf as vir inligting en kennisverbreding.

Die indiwidualiseringsprogram word in die skoolbiblioteek voortgesit omdat die onderwyser-bibliotekaris elke geleentheid aangryp om die kind op sy eie vlak aan die lees te kry en sy lees taktvol te rig. Uit hoofde van sy voortdurende kontak met die leerlinge sal hy 'n besondere kennis van die kinders se persoonlike belangstellings, probleme en begeertes hê en dus opgewasse wees vir hierdie besondere taak.

In die leesleidingsprogram word die klem nie op die hoeveelheid wat die kind lees, geplaas nie maar op wat en hoe hy lees. Sy vermoë om denkend en krities te lees, bly een van die primêre oogmerke met die leesleidingsprogram.

### 3.3.3 Boekopvoeding en die praktiese toepassing daarvan

Boekopvoeding is die opvoeding van die kind in die heel doeltreffendste en selfstandigste gebruik van boeke en biblioteke dwarsdeur sy lewe (3, bl. 5). Om boeke met insig, diskriminasie, en met die minste omslagtigheid tot sy beste voordeel aan te wend, in die besonder in die onderwysgebeure met die oog op selfstandige navorsing, is 'n vaardigheid wat die kind moet aanleer en waarin hy steeds geoefen moet word.

'n Belangrike funksie van die skoolbiblioteek is dus om die nodige boekopvoeding te verskaf sodat hy verantwoordelik, selfstandig, selfdenkend en evaluerend sal kan lees. Boeke bly die primêre bronne van kennis en is gesogte instrumente om hierdie besondere doel van die opvoedende onderwys te verwesenlik.

### 3.3.4 Die skoolbiblioteek as gemeenskap- en navorsingsentrum

Die skoolbiblioteek het ook die besondere funksie dat dit 'n gemeenskapsentrum in die skool is en dat dit in hierdie hoedanigheid 'n ononderbroke diens aan al die lede van die skoolgemeenskap lewer en aan die uiteenlopende behoeftes van die

indiwidu voorsien. Hierdie diens wat die skoolbiblioteek lewer, het betrekking op die kurrikulêre sowel as die nie-kurrikulêre werksaamhede van die skoolgemeenskap.

Die diversiteit van werksaamhede wat in die skoolbiblioteek as navorsingsentrum verrig word, word duidelik as daar op die volgende gelet word. Vanaf voor skool tot laat in die middag is daar leerlinge in die biblioteek, sommige wat gedurende bib-lioteekperiodes boekopvoeding ontvang (leiding kry insake die inskakeling van die skoolbiblioteek in die leerlinge se studie-program), andere wat met vrae en probleme na die onderwyser-bibliotekaris kom; sommige lees vir ontspanning of werk opdragte individueel of in groepe uit, neem boeke uit of besorg boeke terug. Onderwysers voer voortdurend samesprekings met die onderwyser-bibliotekaris oor bloklenings, aanbevelings in verband met die aankope van nuwe boeke en lees- en studieprobleme van leerlinge. Die skoolbiblioteek word dus ook 'n kommunikasie-sentrum wat sy invloed ver buite die grense van sy vier mure uitoefen. Die inisiatief vir hierdie werksaamhede moet van die onderwyser-bibliotekaris uitgaan. Sy dienste moet ingevleg wees met die klaskamer- en skoolprogram sodat hy uiteindelik 'n onmisbare en saambindende faktor in die onderwysprogram van die skool word (3, bl. 6).

### 3.3.5 Die skoolbiblioteek en die opvoeding van die kind in totaliteit

Die skoolbiblioteek vervul nie alleen die funksie dat dit die aangewese hulpmiddel vir die verstandelike vorming van die kind volgens sy eie vermoëns is nie, maar dit vervul 'n veel omvattender rol, naamlik dat dit invloed uitoefen op die volkome gedying van die kind in sy op-weg-wees na volwassenheid. Ten opsigte van hierdie veel meer oorkoepelende funksie kan op die volgende gelet word:

(1) Verantwoordelike optrede word bevorder

Die leerling kom al gou onder die besef dat die vryheid van informele samespreking en raadpleging wat noodsaaklik en bevorderlik is vir selfstudie, 'n voorreg is wat hy verbeur sodra hy hom skuldig maak aan onverantwoordelike optrede. Boeke oor goeie maniere bring regstreeks en onregstreeks die norm van behoorlikheid en goeie gedrag by die leerling tuis.

(2) Aanvaarding van verantwoordelikheid word bevorder

Die feit dat waardevolle boeke en studiemateriaal aan die leerling uitgeleen en vir gebruik aan sy sorg toevertrou word, en die feit dat hy dit op 'n gesette tyd in 'n goeie toestand moet terugbesorg, is 'n kontrak in vertroue wat met die leerling aangegaan word en wat hy op eerbare wyse moet nakom. Dat hy hierdie eiendom van die skoolgemeenskap waarvan hy 'n lid is met verantwoordelikheid moet hanteer, word baie duidelik aan hom tuisgebring.

Aan leerlinge word ook die geleentheid gebied om deel te hê aan die organisasie en administrasie van die skoolbiblioteek en verantwoordelikhede word aan hulle opgedra in verband met die versorging en instandhouding van die inhoud van die skoolbiblioteek. Aan verdienstelike leerlinge word die geleentheid gegun om biblioteekprefekte of -assistente te word.

(3) Geordende denke, doelgerigtheid en netheid word bevorder

Die skoolbiblioteek dien as 'n model van geordende kennis, netheid en planmatigheid. Die logiese sisteem waarvolgens die inhoud van die biblioteek numeries volgens simbole wat onderwerpe en aspekte van onderwerpe konnoteer, ingedeel is, sluit aan by die aanvaarde norme van sistematisering en netheid.

Vir alles is daar 'n spesifieke plek in die skoolbiblioteek wat naslaan en studie vergemaklik en 'n positiewe invloed uitoefen op die denkwyse en leefwyse van die kind.

(4) Selfstandigheid word bevorder

Die werksaamhede van die skoolbiblioteek is op die beginsel gebaseer dat die kind selfstandig sal navors en dink. Hy moet ontledend en waarderend lees en sinvol weergee. Hulp en leiding in die gebruik van die studiemateriaal van die biblioteek is altyd byderhand, maar vir die verwerking daarvan is hy op sy eie inisiatief en vermoëns aangewys. Die voorligting en leiding wat hy ontvang, is met betrekking tot die wyse waarop hy die boeke en studiemateriaal moet gebruik.

(5) Sinvolle tyds- en vryetydsbesteding word bevorder

In die skoolbiblioteek is daar nie tyd vir verveling of tydverkwisting nie. Die besoeke aan die skoolbiblioteek is doelgerig en planmatig as gevolg van 'n bepaalde belangstelling of

opdrag en daar word metodies te werk gegaan. Die tyd wat die leerling in die biblioteek verwyl, word produktief bestee om 'n taak te voltooi of om vir die genot 'n tydskrifartikel te lees. Tyd wat vir ontspanning in die skoolbiblioteek bestee word, het dus nòg direkte nòg indirekte opvoedende waarde vir die kind.

(6) Hoflikheid en wellewendheid word bevorder

Die skoolbiblioteek is die gesamentlike besit van die hele skoolgemeenskap en die trots van elke leerling. Almal gebruik dit op dieselfde basis en dit is tot die voordeel van elke indiwidu in die skool. Dit straal 'n gees van praktiese diensbaarheid, hoflikheid en verdraagsaamheid uit (3, bl. 8). Die norme wat in die skoolbiblioteek geld, word nie op die leerlinge afgedwing nie, almal eerbiedig dit, want dit is tot die beswil van die hele skoolgemeenskap. In die gesamentlike gebruik van die skoolbiblioteek leer die leerlinge om in harmonie en wellewendheid met hulle medeskoliere saam te lewe en word gesonde menslike verhoudings en gesindhede jeens mekaar bevorder.

(7) Selfvertroue en selfverwesenliking word bevorder

Omdat die kind in die skoolbiblioteek op indiwiduele selfstudie aangewys is met die nodige leiding van die onderwyser en onderwyser-bibliotekaris, kry dié leerlinge wat in die klaskamer en op ander terreine, (in die besonder die buitemuurse terreine) miskien as gevolg van 'n liggaamsgebrek nie kan presteer nie, ook die geleentheid om te toon waartoe hulle in staat is. Die skugter leerling, die stotteraar en liggaamlik-gestremde kan hier op gelyke vlak met sy medeleerlinge meeding en sodoende sy selfvertroue terugwin en tot selfverwesenliking kom. Hier word hy nie soos in die klaskamer en op die sportveld in skrille kontras met die ander leerlinge geplaas nie. Ook hier werk die verstandelik minder begaafde volgens sy eie vermoëns en kan hy dienooreenkomstig presteer.

(8) Die estetiese word bevorder

Met sy kleurvolle boeke, harmoniërende meubels, gordyne, vloerbedekking, plante, blomme, kunsvoorwerpe en skilderye wat met oorleg en smaak gekies is, kontrasteer die skoolbiblioteek

skerp met die stereotipe klaskamer. Dit skep 'n atmosfeer van skoonheid en rustigheid en is inderdaad 'n estetiese sentrum in die skool. Deurdat hy in hierdie atmosfeer van estetiese harmonie werk en verkeer, word 'n waardering vir die estetiese by die leerlinge bevorder.

(9) Die integrering van skoolvakke word bevorder

Met die snelle tempo waarteen kennis uitbrei op tegnologiese, industriële, ekonomiese, sosiale en kulturele gebied, trouens op alle terreine van die maatskappy, kan geen skoolkurrikulum of sillabus tred hou nie. "The more mechanised and precise the organization through which we live our lives, the higher the degree of general education demanded in the populace - also the greater the extent of diversity beyond the elementary foundations" (23, bl. 34).

Daar bestaan die gevaar dat die skoolkurrikulum met sy vakkompartemente nie die gapings tussen die verskillende vakterreine kan oorbrug nie en nie by benadering die breë stroom van kennis van die maatskappy kan gee nie of tred kan hou met die snelle tempo van kennisverbreding wat plaasvind nie.

Die skoolbiblioteek kan 'n waardevolle bydrae lewer om die beperktheid van kurrikula en sillabusse aan te vul en die leerling te help om die komplekse wêreld denkend te betree en die uitdagings wat aan die kennis van die mens gestel word, die hoof te bied.

In die skoolbiblioteek, vrylik toeganklik vir elke leerling, is 'n noukeurig geselekteerde skatkamer van kennis wat verteenwoordigend is van al die lewensterreine en wat binne die bevatlikheidsvermoë van elke leerling is.

Deur middel van spesiale klassifikasie word kennis van die mens vanaf die vroegste eeue in perspektief aan die kind voorgestel. Die skoolbiblioteek haal die klaskamervakke uit hulle eng kompartemente en integreer hulle met mekaar en met die ander gebiede van kennis (3, bl. 10).

(10) Integrering met die skoolprogram - kurrikulêr en niekurrikulêr - word bevorder

Hierdie funksie sal in paragraaf 3.4 meer breedvoerig bespreek word, want hierdie is die taak waarin die skoolbib-

lioteek sy ware bestaansreg kry. Sonder integrering met die skoolprogram verloor die skoolbiblioteek sy karakter en word dit 'n blote toevoeging tot die skool van 'n versameling boeke sonder 'n dinamiese aandeel in die onderwysgebeure.

## 3.4 DIE INTEGRERING VAN DIE SKOOLBIBLIOTEEK MET DIE ONDERWYSPROGRAM

### 3.4.1 Begripsbepaling

Na die Latynse oorsprong beteken die woord integreer (integrare) om iets tot 'n volledige geheel te maak. Die verskillende dele is so saamgestel dat hulle 'n wesenlike deel van mekaar word en uiteindelik die groot geïntegreerde geheel vorm wat in sy totaliteit meer en anders is as die blote somtotaal van die dele in hulle oorspronklike vorm.

Spesifiek met betrekking tot die onderwys word die stelsel, die kurrikula, die sillabusse, die rooster, die aktiwiteite en die werkmetodes 'n gekorreleerde en gekoördineerde eenheid wat veel groter is as die som van die verskillende komponente. Daar word as 'n oogmerk gestel om die kunsmatige kompartementering van vakke teen te werk, nie om die indiwiduele waarde van vakke te verminder nie maar om dit in perspektief te stel deurdat elkeen bydra tot die verwerkliking van die doel om die beste opvoeding en onderwys aan die kind te gee.

Hierdie integrering van die skoolbiblioteek bring 'n radikale verandering in die vakmetodiek mee aangesien die klem verskuif van massaonderrig op tradisionele klassikale wyse na selfstandige, indiwiduele werk deur die leerlinge onder die leiding van die vakonderwyser en onderwyser-bibliotekaris.

### 3.4.2 Die skoolbiblioteek en integrering

Op grond van die sentrale posisie wat die skoolbiblioteek in die skoolprogram inneem, word dit 'n vanselfsprekende afleiding dat dit die middelpunt is van integrerende onderwysende opvoeding, en vanuit hierdie funksie vind die skoolbiblioteek sy ware beslag, en oefen dit 'n invloed uit op elke vertakking van die skool se werksaamhede. Die skoolbiblioteek sal noodwendig 'n invloed uitoefen op en ingryp in die onderwysmetodiek van elke onderwyser, want die aangewese werkmetode berus op die erkenning van die indiwidualiteit van elke kind, die vorming van

sy persoonlike vermoëns, selfstandige denke, oordeel en selfbelewing. Met hierdie doel voor oë vorm die selfstudietaak die basis van doeltreffende onderrig.

As die skoolbiblioteek in sy doel wil slaag om die onderrig so doeltreffend moontlik te maak, is die samewerking van die onderwysers 'n absolute noodsaaklikheid en moet die gebruik van die skoolbiblioteek op 'n gesamentlike wyse bespreek en aangepak word. Waar die skoolbiblioteek 'n waardevolle hulpmiddel in die moderne onderwys is, moet dit as sodanig deur die onderwysers aanvaar en benut word.

Met betrekking tot die doel met en aard van die selfstudietaak word die volgende uiteensetting deur Groenewald gegee (3, bll.444 - 445):

"Die klaskamerleerstof moet deur die leerlinge se vaardige, selfstandige en oordeelkundige gebruik van veelvuldige skoolbiblioteekbronne in die uitvoering van selfstudietake omskep word van 'n doel op sigself tot 'n instrument waardeur elke kind na die uiterste van sy vermoëns kan gedy. Die leerling moet verder 'n konsep vind van die totaliteit van kennis en ervaring en van die plek en doel van sy skoolwerk hierin, 'n belangstelling ontwikkel vir dit wat hy moet leer, die gewoonte kweek om self uit te vind sowel as 'n drang om meer uit te vind - dus om kennis te verower. Voorts moet die doelstelling van die selfstudietaak wees om 'n onderskeidingsvermoë by die leerling te laat ontwikkel wat lei na 'n sin vir waardes, die verstaan, vertolking, ontleding en kritiese beoordeling van inligting, menings en verskynsels wat gelees, verneem of waargeneem word en die selfomskepping daarvan tot 'n eie logies- deurdagte en beredeneerde sintese; die selfaanpak, selfoplossing van probleme deur objektiewe weging van gesigspunte en van eie hipoteses; noukeurigheid en geordendheid in dink, lees, skrywe en praat; 'n denkende reaksie op en oriëntering ten aansien van nuwe situasies; kennis uit die oplossing van een probleem intelligent toe te pas by die oplossing van nuwe probleme op beide die gebied van die skoollewe en daarbuite".

Ofskoon die selfstudietaak nie die enigste wyse is waarop die leerlinge kan studeer nie en dit ook in die praktyk nie die

plek van klassikale onderwys geheel kan inneem nie, is dit een van die belangrikste studiewyses wat groot geleentheid bied vir inisiatief. In hierdie verband is daar onder andere na die Dalton-plan, die Winnetka-plan en die Montessori-plan verwys. Ook hierdie stelsels plaas die skoolbiblioteek net soos die selfstudietaak in die brandpunt van die skoolwerksaamhede en wel om die volgende redes:

(1) Die hoofapparaat wat vir die selfstudietaak benodig word, is boeke en verwante studiemateriaal (3, bl. 441).

(2) Die skoolbiblioteek is die enigste sentrum in die skool waar boeke en ander materiaal as 'n hegte eenheid in al hulle verskeidenheid en inhoud gehou, ontsluit en beskikbaar gestel word. Boeke is en bly die mees bekombare rekord van al die kennis en ervaring van die mensheid (3, bl. 441).

Met die oog op die vorming van die kind, dit wil sê die hulpverlening van die onderwyser aan die kind aan die hand van bepaalde inhoude om hom te help om sy bestemming te bereik, kan die skoolbiblioteek 'n bydrae lewer om die werklikheid (leerinhoud) aan die kind vir verkenning en verowering te ontsluit.

In verband met die didaktiese kategorie van vorming postuleer Van der Stoep (24, bl. 18) dat by vorming daar sprake is dat die werklikheid vir die mens enersyds ontsluit <u>word</u> maar eweneens dat daar ook sprake is dat die mens (die kind) vir <u>homself</u> die werklikheid ontsluit. Die hulp wat 'n volwassene in 'n didaktiese situasie aan 'n kind gee, hef in 'n groot mate die keuselose gebondenheid van die kind ten aansien van 'n gegewe, veral konkrete werklikheid op. Dit beteken dat die kind in die werklikheid geëmansipeer word en vir homself 'n staanplek <u>verower</u> (eie kursivering). Daar is in die vormingsgebeure as didaktiese kategorie noodwendig sprake dat die belewingsmoontlikhede en ervaringsmoontlikhede van 'n kind uitgebou word. Die hele verhouding tussen kind en werklikheid moet verander in die sin dat dit moet verbreed en verdiep (24, bll. 25 - 26). Hieraan kan die selfstudietaak uitvoering gee.

(3) Kennis, vaardigheid en die gesindheid van boek- en biblioteekgebruik is fundamentele en praktiese voorwaardes vir die welslae van die selfstudietaak (3, bl. 441).

(4) Die selfstudietaak vra meer as die gebruik van boeke. Dit is in sy geheel 'n ideale leersituasie omdat elke aanraking daarmee 'n geleentheid skep vir die vorming van die persoon en sosiale gedying van die kind (3, bl. 441).

Van besondere belang in hierdie opset is dat by die ontsluiting van die werklikheid aan die kind aan die hand van sekere leerinhoude op 'n gegewe tydstip, soos die geval hier in die skoolbiblioteek is, die onderwyser net daardie leerinhoude aanbied wat op 'n gegewe tydstip binne die moontlikheidsgreep van die kind lê of waarvoor hy gereed is (24, bl. 25). Waar die kind nou hier gekonfronteer word met 'n massa van kennis oor die mensheid, sal die onderwyser in die selfstudietaak vir die kind selektief te werk gaan en begeleidend aan hom die leerinhoud ontsluit wat binne sy bevatlikheidsvermoë is, om sodoende te verseker dat die didaktiese gebeure vrugbaar sal verloop. Met ander woorde, die onderwyser en onderwyser-bibliotekaris gee aan die leeraktiwiteit in die selfstudietaak koers en doel.

(5) Deur die klassifikasie van die inhoud van die skoolbiblioteek, bied die skoolbiblioteek die geheelbeeld van kennis as teenvoeter vir die wanbegrip wat deur die kunsmatige afbakening van kennis in vakke deur die skoolkurrikulum in die gees van die kind geskep word. Deur middel van die selfstudietaak kry hy 'n konsep van die doel van sy klaskamerwerk en van die plek wat dit in die groot geheel inneem, en word daar 'n brug geslaan tussen die gapings wat oënskynlik tussen die verskillende kennisterreine van vakke deur die starre vakindeling ontstaan (3, bl. 441).

(6) Die skoolbiblioteek met sy rykdom van kennis en inligting oor die mensheid aktiveer die kind se belangstelling in die leerinhoud sowel as die agtergrond van die kennis sodat hy 'n ondersoekende gees met 'n drang na selfstandige verowering van kennis ontwikkel (3, bl. 441).

(7) Omdat die skoolbiblioteek 'n diens aan die samelewing lewer wat buite die fisiese grense van die skoolbiblioteek strek, bewerkstellig hierdie diens 'n wisselwerking en kommunikasie tussen die klaskamer en die skoolbiblioteek. Hierdie wisselwerking maak die kern uit vir die integrering van die skoolbiblioteek met die hele skoolprogram (3, bl. 441).

(8) Die skoolbiblioteek, deur middel van die begeleide selfstudietaak, slaag daarin om die ervaringe in die lewe van die kind te veredel en te verryk tot 'n innerlik geïntegreerde geheel wat nie net uit die skoolvakke voortkom nie, maar uit alle belangstelling, aktiwiteite, gesindhede en gedagtes om by te dra tot die vorming van die persoonstruktuur van die kind (3, bl. 441).

(9) Aansluitend by die selfstudietaak kan die metode van verryking van die leerstof met groot welslae in die geïntegreerde skoolbiblioteekprogram toegepas word. Hierdie metode berus primêr op indiwiduele aanvullende lees. Die gewone klasse (op 'n indiwiduele basis of deur interne klasgroepering) en sillabusse word gebruik en die basiese werk sover nodig met die klas gedoen, maar die begaafde kind word aangespoor deur uitdagende, indiwiduele selfstudietake en probleemoplossing sodat elke onderwerp dieper en wyer en op 'n skeppende wyse nagespeur en nagevors word. Hierdie is 'n aangeleentheid wat beplanning vereis en waarvolgens 'n kurrikulum of 'n sillabus of 'n gedeelte daarvan deur middel van die skoolbiblioteek vergroot of verryk word vir die aktivering en ontplooiing van die potensialiteite van die kind in so 'n mate dat hierdie verryking deur middel van selfstudie 'n aangeleentheid van skepping word.

### 3.4.3 Boekopvoeding en skoolbiblioteekintegrering

'n Voorwaarde vir doeltreffende skoolbiblioteekintegrering is dat daar die nodige, beplande boekopvoeding in die skoolbiblioteekprogram ingesluit sal wees, nie slegs met die oogmerk dat leerlinge vaardigheid sal verwerf om baie boeke vir allerlei doeleindes aan te wend nie, maar om die onderwyssituasie in die klaskamer vas te knoop aan sy persoonlike en potensiële belang-

stelling waardeur 'n ontsaglike bydrae tot die kind se opvoeding gelewer word.

### 3.4.4 Skoolbiblioteekintegrering en eksterne eksamens

As die formele eksterne eksamen 'n doel op sigself word, soos dikwels in die praktyk die geval is, en aan starre sillabusse en memoriseringsmetodes gekoppel is, kan skoolbiblioteekintegrering beswaarlik tot sy reg kom.

As die selfstudietaak nie geëvalueer word en vir die jaarpunt in berekening gebring word nie, was al die oorspronklikheid, ondersoek en beredenering van die leerlinge nog nie pedagogies verkwis nie. Die onderwyser sal dit dan egter moeilik vind om die leerlinge se belangstelling vir selfstudietake te wek aangesien die leerlinge dit sal beskou as 'n poging van die onderwyser om hulle besig te hou. Dit is dus absoluut noodsaaklik dat 'n punt toegeken word vir die studietake en hierdie punt moet in berekening gebring word by die formele eksamen.

Benewens krediet wat die leerling ontvang vir die selfstudietaak, behoort daar in die eksamenvraestel voorsiening gemaak te word vir leerlinge om bewys te lewer dat hulle oorspronklik en selfstandig studeer en kennis en insig bekom het, buite die eng grense van die voorgeskrewe sillabus om. Op hierdie wyse kan die skoolbiblioteek veel daartoe bydra om die nadele verbonde aan die eksterne eksamenstelsel teen te werk.

### 3.4.5 Skoolbiblioteekintegrering en indiwidualisering

Die waarde en noodsaaklikheid van skoolbiblioteekintegrering is nie beperk tot spesifieke vakke, ouderdomsgroepe of sekere intelligensiepeile nie. Dit is wel waar dat in die geval van die minder begaafde leerlinge daar meer leiding van die kant van die onderwyser en onderwyser-bibliotekaris sal moet uitgaan en dat die selfstudie van hierdie leerlinge op 'n beperkte grondslag sal wees. Soos egter in voorafgaande paragrawe uiteengesit, lê die waarde van die skoolbiblioteek vir die minder begaafde leerling daarin dat hy binne sy eie vermoë en teen sy eie tempo kan werk en presteer sonder dat hy skerp gekontrasteer word met die begaafde leerling soos in die klaskamersituasie die geval is en gevolglik 'n minderwaardigheidsgevoel en gedragsprobleme kan openbaar.

Wat betekenisvol is, is dat ook die minder begaafde leerling hier leer om self te doen en self te dink, wat belangrik is vir sy vorming. Dit gee aan hom 'n gevoel van eiewaarde en selfvertroue.

### 3.4.6 Biblioteekintegrering in die verskillende skooltipes

Dit is wel 'n feit dat alle skoolvakke hulle nie in dieselfde mate leen tot integrering met die skoolbiblioteek nie. So byvoorbeeld sal Wiskunde en Bedryfskennis hulle minder geredelik leen tot die selfstudietaak as wat dit die geval met die tale, Geskiedenis of Biologie is. Die basiese beginsel egter waarop die selfstudietaak en integrering met die skoolbiblioteek gebou is, is dieselfde vir alle skole, vakke en leerlinge, te wete 'n beter begrip van die geheelbeeld van kennis, bevordering van die vermoë om onafhanklik en logies te dink, te redeneer, te evalueer en met oorspronklikheid te reproduseer. Die skoolbiblioteek verbonde aan 'n spesifieke skooltipe sal uiteraard rekening moet hou met die besondere inhoud en aard van die onderwys en die leerlinge wat dit bedien. Daar sal voorsiening gemaak moet word vir die mees effektiewe huisvesting, organisasie en administrasie van 'n boekevoorraad en leermateriaal onder die leiding van 'n onderwyser-bibliotekaris wat uit hoofde van sy kennis van die besondere aard van die onderwys aan die skool, ook boekopvoeding en leesleiding moet gee, en in samewerking met die ander onderwysers die skoolbiblioteek met die onderwys moet integreer, want die skoolbiblioteek moet voldoende voorsiening maak vir die uiteenlopende eise van die verskillende vakke en die vermoëns van die leerlinge.

### 3.4.7 Skoolbiblioteekintegreringskomitee

Die skoolhoof is die hooffiguur van wie die suksesvolle implementering van skoolbiblioteekintegrering afhang. Om aan hierdie opdrag te voldoen, sal dit nodig wees dat hy die hele integreringsgedagte met oortuiging aan die personeel sal moet oordra en oorgaan tot die stigting van 'n integreringskomitee wie se funksie dit sal wees om met die nodige beplanning die integreringsgedagte in die praktyk te implementeer en te koördineer. Daar word voorgestel dat die komitee uit die skoolhoof, visehoof(de), senior-assistente en die onderwyser-bibliotekaris sal bestaan (1, bl. 128).

Hierdie komitee sal na die nodige bespreking en beplanning die prosedure van integrering in elke vak bepaal en die skoolbiblioteekintegrering tot 'n gesamentlike aksie uitbou sodat die onus nie op die biblioteek rus om integrering op die onderwysers af te dwing nie. Deur toeligting aan die onderwysers in besonder in verband met die metodiek van selfwerksaamheid word elke vak, onderwyser en leerling by die skoolbiblioteek betrek.

Dit sal dus nodig wees dat 'n goed-beplande rooster opgestel word waarvolgens elke klas minstens een biblioteekperiode per week op die rooster sal hê met die oog op algemene beplanning van studietake en stelselmatige boekopvoeding. Met die oog op selfstudie en navorsingsgeleentheid sal meer periodes per week vasgestel word, wat na-uurs voortgesit kan word.

Die integreringskomitee sal ook praktiese beplanning moet doen met betrekking tot die aantal take wat in 'n gegewe vak oor sekere tydperke moet uitgewerk word, om te voorkom dat die hele skool terselfdertyd aan, sê byvoorbeeld 'n geskiedenistaak werk en die beskikbare bronne op dieselfde tyd deur 'n groot aantal leerlinge benodig word. Ten einde te voorkom dat die integreringsaangeleentheid 'n te starre karakter kry omdat onderwysers feitlik gedwing word om net op spesifieke tye take te mag gee, sal dit noodsaaklik wees dat daar deur die integreringskomitee, 'n reserveringsprogram opgestel moet word waardeur onderwysers vooraf kan te kenne gee watter datums of tydperke vooruit hulle vir 'n spesifieke taak wil reserveer. 'n Voordeel aan hierdie reëling verbonde is dat die vakonderwyser gedwing word om 'n noukeurige vooruitbeplanning van sy werk te doen. Die komitee vergader periodiek om moontlike probleme wat in die loop van hulle werksaamhede mag opduik, uit die weg te ruim.

Benewens die werkprogram wat neergelê word, sal die onderwyser ook in die geleentheid gestel moet word om die skoolbiblioteek, wanneer hy dit nodig ag, te besoek en moontlik korter opdragte deur leerlinge te laat uitwerk.

4.3 FUNKSIES VAN DIE ONDERWYSER-BIBLIOTEKARIS

Die werksaamhede wat deur die onderwyser-bibliotekaris verrig word is van 'n omvattende aard en kan in twee kategorieë ingedeel word, naamlik, die organisatories-administratiewe funksie en die opvoedingsfunksie.

4.3.1 Organisatories-administratiewe funksies van die onderwyser-bibliotekaris

Onder hierdie hoof ressorteer die bestudering en gebruik van die departementele leidrade in die boekegids met betrekking tot aangeleenthede soos die bestelling en keuring van boeke en ander materiaal, ontvangs, inskrywings, voorbereiding en beskikbaarstelling, klassifikasie en katalogisering. Aangeleenthede wat ook onder hierdie funksie ressorteer, is die uitsoek van stukkende boeke met die oog op herbind daarvan, afskrywing van boeke en materiaal, fisiese versorging en instandhouding van die inhoud van die skoolbiblioteek, algemene netheid van die biblioteek, die opstel van reëls vir die gebruik van die skoolbiblioteek en om toe te sien dat dit nagekom word.

Die uitleen van boeke word beplan en georganiseer ten behoewe van leerlinge en ook wat betref bloklenings aan onderwysers. Voortdurende toesig is nodig om te verseker dat die skoolbiblioteekaktiwiteite glad verloop. Indien meer as een onderwyser behulpsaam is by die biblioteek, moet die onderwyser-bibliotekaris die nodige opleiding aan die hulpbibliotekaris gee en die delegering van pligte aan biblioteekprefekte en -helpers organiseer.

Die diensure in die skoolbiblioteek moet gereël word en daar moet toegesien word dat die biblioteek soveel moontlik oop is vir studie en navorsing. Trouens, die onderwyser-bibliotekaris moet sorg dra dat die hele organisasie van die skoolbiblioteek in al sy fasette doeltreffend verloop ten einde te verseker dat die skoolbiblioteek se rol as hulpmiddel in die onderwys verwesenlik word.

4.3.2 Opvoedingsfunksies van die onderwyser-bibliotekaris

Die funksies wat deur die skoolbibliotekaris vervul word met die oog op die opvoeding van die leerlinge, kan as volg

Sonder die nodige tyd, hulp, samewerking en simpatie van owerheidsweë vir die pos van die onderwyser-bibliotekaris, kan hy nie sy veelvuldige pligte nakom nie en word die skoolbiblioteek maar weer net 'n tradisionele aanhangsel tot die skool en 'n bergplek van boeke.

In 'n deurtastende ondersoek wat in 1967 in verband met die aangeleentheid van skoolbiblioteke deur Overduin (1, bl. 180) uitgevoer is, en die situasie in oorsese lande deeglik onder die soeklig geplaas het, kom die skrywer tot die gevolgtrekking dat die personeelvoorsiening vir die skoolbiblioteke in Suid-Afrika veel te wense oorlaat. Daar is bevind dat (1, bl. 181) in Suid-Afrika dit slegs Natal is wat 'n voltydse bibliotekaris verskaf aan hoërskole met 500 of meer leerlinge terwyl in Transvaal in 1963 met 'n proefneming begin is om by 19 middelbare skole met 1000 of meer leerlinge 'n voltydse onderwyser-bibliotekaris aan te stel.

Nadat voorleggings deur die Vereniging van Onderwysers van Transvaalse Middelbare Skole (VOTMS), die Transvaalse Onderwysersvereniging en die Adviserende Komitee vir Onderwysbiblioteekdienste by die Transvaalse Onderwysdepartement ingedien is, beveel dr. Bredell aan dat 'n voltydse onderwyser-bibliotekaris met senior-assistent-status by hoërskole (sekondêre skole) met meer as 750 leerlinge aangestel word. Overduin (1, bl. 183) beveel aan dat met inagneming van die veelvuldige funksies van die onderwyser-bibliotekaris daar addisionele administratiewe personeel moet aangestel word wanneer 'n skool se leerlingtal 500 oorskry, en wanneer dit die 1000 kerf bereik, daar 'n addisionele onderwyser-bibliotekaris behoort aangestel te word. Hy kom ook tot die slotsom dat die posisie met betrekking tot personeelvoorsiening vir die skoolbiblioteek in Suid-Afrika nog veel te wense oorlaat.

Die deeglike opleiding en salariëring van onderwyser-bibliotekarisse is eweneens 'n aangeleentheid wat van groot belang is, in die besonder met betrekking tot diensdoende onderwysers. Daar moet die moontlikhede wees van bevordering tot die rang van senior-assistent of departementshoof in gevalle waar daar meer as een onderwyser-bibliotekaris is, sodat daar die nodige motivering sal wees (veral vir mansonderwysers) om toe te tree tot die biblioteekdiens, anders kan dit as 'n 'doodloop-paadjie' beskou word met 'n gedurige personeelverwisseling wat kontinuïteit

teenwerk. Gebrek aan kontinuïteit is een van die grootste enkele faktore wat bydra daartoe dat die skoolbiblioteek nie volgehoue doeltreffende diens kan lewer nie. Sodra die diens vlot verloop onder een onderwyser-bibliotekaris moet 'n ander oorneem en weer van voor af begin.

4.5 LEERLINGHULP

Aansluitend by personeelvoorsiening vir die skoolbiblioteek is die gebruik van leerlinge se dienste in 'n hulphoedanigheid vir roetinewerk onontbeerlik vir die doeltreffende funksionering van die skoolbiblioteek en tegelykertyd van onskatbare vormende waarde vir die leerlinge self. Dit is egter noodsaaklik dat die werk wat deur leerlinge verrig word, deeglik beplan moet word en onder toesig moet geskied. Elke leerling moet presies weet wat van hom verwag word. Verdienstelike leerlinge moet erkenning ontvang deur die toekenning van skoolbiblioteekprefek-status. Hierdie leerlinge kan met die nodige besieling van die kant van die onderwyser-bibliotekaris veel daartoe bydra om die skoolbiblioteek na al die leerlinge van die skool uit te dra.

Die biblioteekhelpers het 'n verskeidenheid van pligte om te verrig soos onder andere die algemene net hou van die lokale, uitleenaktiwiteite, terugplaas van boeke op die rakke, voorbereiding van nuwe boeke, uitstalwerk, voorraadopname, uitsoek van bloklenings, reservering van boeke en leesleiding aan jonger leerlinge.

Die onderwyser-bibliotekaris moet gedurig waarderend en simpatiek teenoor die werk wees wat die leerlinge verrig en 'n voorbeeld vir die leerlinge deur sy entoesiasme en toegewydheid stel. Die werk wat deur hulle verrig moet word, mag nooit as vanselfsprekend aanvaar word nie of hulle diens uitgebuit word om sy eie pligte vry te spring nie.

HOOFSTUK 5

FUNKSIONELE SKOOLBIBLIOTEEKBEPLANNING

5.1 LIGGING

By die beplanning van 'n skoolbiblioteek is dit van die allergrootste belang dat die nodige aandag gegee sal word aan die gunstige plasing van die skoolbiblioteek met betrekking tot die omliggende gebouekompleks van die res van die skool, want 'n ongerieflik geleë biblioteek wat vir die leerlinge van die skool moeilik bekombaar is, is nie bevorderlik vir die gebruik daarvan nie.

Met die oog op toekomstige uitbreiding is daar groot voordele aan verbonde dat die skoolbiblioteek beplan word as 'n afsonderlike kompleks en nie as 'n aaneenskakeling van 'n paar klaskamers wat noodwendig 'n lang smal lokaal meebring wat nie bevorderlik is vir funksionele gebruik (byvoorbeeld vir toesig en onbelemmerde beweging) nie.

Met die oog op bekombaarheid en intensiewe gebruik deur die leerlinge, behoort die skoolbiblioteek só geplaas te word dat dit in die nabyheid van die hoofverkeerstroom van die skool sal wees en nie in 'n uithoek of aan 'n vleuel van die skool nie. Hierdie posisie mag meebring dat dit nie in so 'n rustige atmosfeer mag wees as wat bevorderlik vir studie is nie, maar dis verkieslik bo 'n afgesonderde plek. Moontlike geraas kan deur middel van klankdempende materiaal bekamp word. Ook wat betref sy fisiese ligging, behoort die skoolbiblioteek 'n sentrale plek in die skool in te neem. Dit is vanselfsprekend dat die skoolbiblioteek nie aan hout- of metaalwerklaboratoriums, musiekkamers, waskamers, gimnastieksale en so meer geheg moet wees nie, want so 'n ongunstige ligging kan alleen belemmerend inwerk op die doeltreffende gebruik van die skoolbiblioteek.

Die skoolbiblioteek moet op 'n grondverdieping gehuisves wees om dit maklik bereikbaar te maak vir kinders en onderwysers wanneer die res van die skool gedurende pouses gesluit is, voor skool, in die middae en selfs Saterdae en gedurende skoolvakansies.

Overduin beweer (1, bl. 190) dat as die plasing van skoolbiblioteke in bestaande skole in Suid-Afrika nagegaan word, dit blyk dat daar in die meeste gevalle nie genoeg aandag aan die ligging van die skoolbiblioteek geskenk is nie. Skoolbiblioteke word nog selfs met huidige beplanning te veel op 'n uithoek van die geboukompleks geplaas en nie eers altyd op 'n grondverdieping nie. By die beplanning van 'n skool is dit noodsaaklik dat die ligging van die skoolbiblioteek eerste in berekening gebring word en dan die res van die geboukompleks daaromheen.

5.2 GROOTTE

Die moderne skoolbiblioteek is veel groter as wat dit 'n dekade of meer gelede was omdat die fasiliteite (geriewe) wat dit moet skep en die bedrywighede waarvoor dit voorsiening moet maak, baie meer uitgebreid is. Afgesien van die groot rakruimte wat vir die berging van 'n uitgebreide boekevoorraad nodig is, word die skoolbiblioteek besoek deur onderwysers en leerlinge in verband met skoolwerk, stokperdjies en ontspanning. Benewens vir die boekevoorraad moet daar ruim voorsiening gemaak word vir nie-boekmateriaal en uitrusting vir navorsing soos onder andere spesiale kabinette vir strokiesfilms, grammafoonplate, bandopnames, projeksie- en luisterfasiliteite.

Om tot 'n verantwoordbare aanduiding van skoolbiblioteekakkommodasie te kom, sal dit nodig wees om sekondêre skole in drie hoofkategorieë volgens leerlinginskrywing te verdeel, te wete, klein sekondêre skole met 'n inskrywing van tot 499 leerlinge, middelgroot sekondêre skole met inskrywings 500 - 999 en groot sekondêre skole met 'n leerlingtal van 1000 en meer.

Met die beplanning van die uitleg van die biblioteek moet ook in gedagte gehou word dat sommige skole in Suid-Afrika in die jongste tyd 'n snelle uitbreiding toon, sodat 'n skool dikwels teen die tyd dat dit voltooi is, nie voldoende akkommodasieruimte bied nie.

As 'n algemene maatstaf word aanvaar dat in 'n leessaal in die skoolbiblioteek ongeveer 2,3 vierkante meter vloeroppervlakte per leerling benodig word met 'n minimum totaal sitplekke vir vyftig leerlinge, plus 'n biblioteekkamer (± 55 vk. m) 'n werkkamer (± 18 vk. m) en 'n koerantleeskamer

Aan groot sekondêre skole sal die volgende addisionele ruimte ook benodig word, te wete, 'n kamer vir audio-visuele materiaal (± 37 vk. m), 'n kantoor (± 14 vk. m) en 'n studiesaal (± 55 vk. m).

Aangaande die boekevoorraad van die skoolbiblioteek word as 'n algemene maatstaf aanvaar dat daar minstens tien boeke per leerling behoort te wees met 'n minimum totaal van 3000 boeke.

## 5.3 INRIGTING EN AMEUBLEMENT

Die ideale ameublement vir die skoolbiblioteek behoort die volgende in te sluit: Verstelbare oop rakke in ligte hout in eenhede met afmetings 2m x 2,13m x 23cm plus koerantrakke in die koerantleeskamer, tweesitplektafels, stoele, kataloguskabinette, uitleenlaaitjies, toonbankstoele, boekwaentjies en studiehokkies (carrels) vir die senior leerlinge. Die aantreklikheid van die skoolbiblioteek word verhoog deur 'n vloerbedekking (mat) en enkele gemakstoele. Daar moet gestreef word na 'n harmoniese, aantreklike funksionele geheel met 'n ligte huislike atmosfeer wat die leerlinge sal uitlok om in die biblioteek te verkeer.

Aspekte wat verdere aandag verdien, is 'n tuinuitleg om die skoolbiblioteek, tuinmeubels, gordyne, skilderye, beeldhouwerk en plante.

Omdat die skoolbiblioteek dwarsdeur die jaar, elke dag - ook in die aande - in gebruik is, moet besondere aandag aan beligting, lugreëling en verwarming bestee word.

Die uiterlike voorkoms van die skoolbiblioteek is nie 'n doel op sigself nie, maar is 'n sigbare aanduiding van die skoolbiblioteek se innerlike wese en karakter van werkdadigheid, diensvaardigheid en uitnodigende vriendelikheid (3, bl. 52).

## 5.4 BALANS IN DIE INHOUD VAN DIE SKOOLBIBLIOTEEK

Die inhoud van die skoolbiblioteek moet so gekies word dat dit middele bevat vir elke aspek en vir alle ouderdomsgroepe. 'n Balans moet gehandhaaf word tussen die soorte boeke, byvoorbeeld parate naslaanwerke, vakliteratuur en verhale, want daar moet voorsien word in sowel skolastiese eise as persoonlike belangstellings, en vir die vind van antwoorde op alle denkbare vrae vir 'n beter begrip van die mens en die wêreld wat hy bewoon.

Om aan hierdie eise te voldoen, moet die voorraad van die skoolbiblioteek verteenwoordigend van sowel die hele span van menslike kennis en ervaring wees, as van die algehele moontlike belangstellings- en aktiwiteitsveld van al die kinders wat van die skoolbiblioteek gebruik maak.

As 'n leidraad kan die Dewey-klasse, -afdelings en -onderafdelings gevolg word, te wete Godsdiens en Filosofie, Sosiale Wetenskappe, Taal en Letterkunde, Natuurwetenskappe, Toegepaste Wetenskappe, Skone Kunste, Sport en Stokperdjies vir gesonde tydverdryf, Geskiedenis en Aardrykskunde, vir historiese en geografiese perspektief en verbreding van die kind se gesigseinders. Daar moet ook die nodige voorsiening wees vir sowel speur-, riller-, liefdes- en dierverhale as verhale met 'n geskiedkundige agtergrond.

Al die boeke is noodsaaklik vir die ewewigtige gedying van die kind, vir kennisverwerwing en vorming van gesindhede en oordeelsvermoë, met die oog op sy volwassewording.

Met betrekking tot die balans wat in die inhoud van die skoolbiblioteek bewaar moet word, moet besondere aandag geskenk word aan die balans tussen die tale. Die amptelike tale moet hulle billike aandag kry met die aksent op die taal wat die amptelike medium van die skool is. Waar 'n aansienlike getal vreemde tale in die skool aangebied word, sal dit nodig wees dat hierdie tale ook hulle regmatige verteenwoordiging in die skoolbiblioteekvoorraad kry met die nodige balans tussen vakliteratuur en verhale.

Voorts moet die skoolbiblioteek oor onder andere tydskrifte, pamflette, illustrasies, skyfies, strokiesfilms, plate-atlasse en bandopnames beskik, ten einde aan die eise wat vir studie gestel word, te voldoen en vir die leerlinge se persoonlike belangstelling voorsiening te maak.

By die uitbouing van die skoolbiblioteekvoorraad moet die onderwyser-bibliotekaris in die besonder daarteen waak dat sy persoonlike voorkeur, simpatie en afkeure sy objektiwiteit beïnvloed by die keuring van boeke, en sodoende die bruikbaarheid van sy biblioteek negatief affekteer. Om arbitrêre reëls neer te lê vir die keuring van skoolbiblioteekmateriaal is onvanpas omdat daar soveel faktore is wat in aanmerking geneem behoort te

word, en omdat die omstandighede in verskillende skole en gemeenskappe uiteenlopend is. 'n Boek wat aanvegbaar in een skool en gemeenskap mag wees, mag geen kontroversie in 'n ander skool uitlok nie. As 'n algemene reël kan van die standpunt uitgegaan word dat die skoolbiblioteek uit hoofde van sy vormende karakter noodwendig 'n selektiewe rol te vervul het wanneer boeke en ander materiaal uitgesoek moet word. Dit is nie nodig om uitermate oor die gewenstheid al dan nie van 'n boek te spekuleer nie. As 'n werk van 'n twyfelagtige aard of 'n grensgeval is, moet dit nie aangekoop word nie.

Wat betref die duplisering van boeke, sal die onderwyser-bibliotekaris op grond van die aanvraag, vir die boeke, dit wil sê die waglys en getal leerlinge wat die boeke gebruik, moet besluit of bykomstige kopieë aangekoop moet word of nie.

Wat betref die getal boeke in die skoolbiblioteek, word as 'n algemene norm aanvaar dat minstens tien boeke per leerling 'n vereiste is met 'n minimum totaal van ongeveer 3000 boeke, selfs al sou daar minder as 200 leerlinge aan 'n skool wees, want dit is die klein skool in die besonder wat die groter getal boeke nodig het, omdat die klein skool reeds op vele ander gebiede in die reël baie fasiliteite moet ontbeer waaroor groot skole beskik. Sodra die voorraad van die skoolbiblioteek kwantitatief minder word as die voorgestelde minimum, word dit al hoe moeiliker om integrering doeltreffend toe te pas.

# HOOFSTUK 6

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 6.1 GEVOLGTREKKINGS

Dit ly geen twyfel nie dat 'n veranderde en veranderende maatskappy groter eise aan die skool stel met betrekking tot die kennisstandaarde wat by leerlinge tuisgebring moet word. Derhalwe is die onderwys voortdurend op verandering en vernuwing ten aansien van kurrikula en sillabusinhoud aangewys. Dat die skoolbiblioteek in hierdie bestel 'n belangrike rol te vervul het, is nie te betwyfel nie.

'n Onderwysstelsel wat kritiese, selfdenkende, intellektueel wakkere en onafhanklike persone die wêreld wil instuur, moet die leerlinge in staat stel om te soek na kennis wat nie vooraf in 'n voorbereide vorm vir die kind deur die onderwyser opgestel is nie. Hierdie gedagte in die opvoedkunde dat die kind tot selfwerksaamheid moet aangespoor word, is ook besig om hier te lande deur te werk soos blyk uit die "matrikulasieprojek" wat by twintig Transvaalse skole uitgetoets word. Hierdie skole lê nie die tradisionele eksterne st. 10-eksamen af nie, maar die kandidate word intern deur die skool self getoets. Daar word beweer dat hierdie projek waarin leerlinge tot selfstandige en kritiese denke en werk aangespoor word, alleen kan slaag indien daar 'n geïntegreerde skoolbiblioteek is wat 'n aktief-pedagogiese dienssentrum in die skool is (1, bl. 316). Met hierdie "matrikulasieprojek" word ook beoog om onverdedigbare praktyke wat as gevolg van die eksterne eksamen ontstaan te bekamp, soos byvoorbeeld die "afrigting" van leerlinge vir die eksamen en die uitwerk van "spotvrae". Deur weg te doen met hierdie praktyk kry die onderwysers die geleentheid om, minder leerplangebonde, meer aandag aan die verbreding van die onderwys en vorming van die leerling te bestee. 'n Groter beroep word op die leerlinge se eie inisiatief, insig, kritiese denke en deursettingsvermoë gedoen met die verwerking van die sillabus.

Op grond van hierdie verslag wat opgestel is aan die hand van 'n literatuurstudie en opnames wat deur deskundiges gemaak is ten aansien van die stand van die skoolbiblioteek in die afsonderlike provinsies van die Republiek van Suid-Afrika, is die gevolgtrekkings waartoe geraak word die volgende:

(1) Die provinsiale sekondêre skole is nog geensins gereed om die skoolbiblioteek sy aangewese integreringsfunksie in die onderwys te laat vervul nie. In die praktyk wyk die standaarde baie ver af van wat as die noodsaaklike voorvereistes vir doeltreffende skoolbiblioteekintegrering beskou word, soos in die voorafgaande hoofstukke uiteengesit.

(2) Skoolbiblioteke in die Republiek van Suid-Afrika word by die grootste persentasie skole nie intensief en korrek gebruik nie. Daar is 'n onekonomiese benutting omdat die tye wat die skoolbiblioteke toeganklik moet wees nie voldoende is nie, en daar nog te veel klem op die ontspanningsfunksie van die skoolbiblioteek gelê word.

(3) Waar skoolbiblioteekintegrering as beleid van die skool toegepas word en daar wel 'n verblydende deurbraak in veranderde onderwysmetodes plaasvind, geskied dit egter nog op baie klein skaal en wel hoofsaaklik in Natal en die Transvaal.

(4) Een van die primêre redes waarom die skoolbiblioteek in Suid-Afrika nog nie tot sy reg kon kom nie en in die besonder nog nie as geïntegreerde skoolbiblioteek sy volwaardige aandeel in die opvoedingsgebeure kon hê nie, is dat daar van voldoende personeelvoorsiening in dié verband nog geen werklike sprake in die Republiek van Suid-Afrika is nie.

(5) Die gebrek aan deeglike organisasie van die skoolbiblioteek wat nog in 'n baie groot mate in Suid-Afrikaanse skole aangetref word, moet aan ondoeltreffende opleiding van en die tekort aan personeel toegeskryf word. Hierdie toestand benadeel die kontinuïteit van organisasie, beplanning van die diens en die inskakeling daarvan in die onderwysprogram, wat 'n voorvereiste is vir suksesvolle implementering van die skoolbiblioteek in die onderwysprogram.

(6) Met die uitsondering van enkele provinsies is bevind dat daar nie voldoende akkommodasie vir die skoolbiblioteek voorsien word nie. Indien integrering tot sy reg wil kom, moet die akkommodasie sodanig wees dat dit die gebruik deur klasse, groepe en indiwidue nie belemmer nie. Meestal moet die gebruik aanpas by die lokaal, terwyl dit andersom behoort te wees.

(7) Die skoolbiblioteek vervul nog te veel die funksie van ontspanning, terwyl die moderne pedagogiek en didaktiek dit nie so sien nie. Primêr het die skoolbiblioteek 'n onderwysende en opvoedende rol en moet dit nie as 'n buitemuurse of ontspanningsaangeleentheid beskou word nie.

## 6.2 AANBEVELINGS

### 6.2.1 <u>Die plek van die skoolbiblioteek in die onderwysprogram</u>

Wanneer die plek van die skoolbiblioteek in die onderwys ter sprake kom, tree die rol van die skoolbiblioteek as verskaffer van boeke en materiaal wat op sowel die skoolvakke as op ontspannende lees betrekking het, na vore. Die rol wat die skoolbiblioteek ten aansien van die skoolvakke vervul, sluit aan by die gedagte van projekonderwys en projekte of take wat aan leerlinge periodiek met die oog op selfstudie opgedra word.

Wanneer die skoolbiblioteek as hulpmiddel by die uitwerk van projekte of take ingeskakel word, is die volgende onder andere faktore wat met die beplanning van die projekprogram in ag geneem moet word:

(1) Die tradisionele klaskamerorganisasie wat aan die lesrooster gebonde is, moet in ag geneem word, want dit waarborg die ordelike verloop van die onderwysprogram wat nie ten koste van projekte en projekonderwys opgeoffer kan word nie.

(2) Daar moet gewaak word dat met projekonderwys aan die leeraktiwiteit van die kind nie 'n insidentele karakter gegee word nie.

(3) Dit is onmoontlik om die totale leerinhoud van alle vakke so te orden dat die verskillende gebiede deur middel van projekte hulle regmatige aandeel in die onderwysprogram sal kry.

(4) Projekbeplanning moet die niveau van die kind se wording asook sy vermoëns op die primêre en sekondêre skool in ag neem om te verseker dat die kind nie oorvra word nie.

(5) Inoefening van reeds geleerde vakinhoude is noodsaaklik en kan nie slegs deur middel van die uitwerk van take bewerkstellig word nie.

(6) Benewens die groot omvang van huiswerk is daar nog die buitemuurse aktiwiteite waaraan leerlinge deelneem, wat die tyd wat vir die uitwerk van take - wat 'n tydrowende aangeleentheid is - beskikbaar is, verder inkort.

(7) Alleen 'n goed toegeruste skoolbiblioteek kan leerlinge in staat stel om die uitwerk van take doeltreffend te onderneem.

Met die oog op die inskakeling van die skoolbiblioteek as hulpmiddel in die onderwysprogram en om aan die skoolbiblioteek sy regmatige aandeel in die opvoeding van die leerlinge te gee, <u>is die aanbeveling dat 'n skoolbiblioteekintegreringskomitee aan elke skool gestig word waarop die skoolhoof, adjunk-hoof, vise-hoofde, senior-assistente en die onderwyser-bibliotekaris moet dien, en dat die funksie van hierdie komitee sal wees om</u> -

(1) projekbeplanning vir die skoolvakke te doen met inagneming van die leerlinge se vermoëns in die verskillende standerds,

(2) met die beplanning van die skoolrooster tyd vir elke klas in te ruim vir boekopvoeding in die skoolbiblioteek,

(3) te bepaal hoeveel take per vak deur leerlinge gedurende die skooljaar uitgewerk moet word;

(4) 'n projekrooster op te stel waarvolgens die skoolbiblioteek vir verskillende vakke volgens standerds beskikbaar sal wees om leerlinge in staat te stel om die beskikbare bronne te kan raadpleeg; en

(5) vas te stel op welke wyse punte aan uitgewerkte take toegeken sal word om as 'n punt vir die eksamen gebruik te word.

6.2.2 Personeelvoorsiening

Om die skoolbiblioteek as onderwyshulpmiddel tot sy reg te laat kom, is dit noodsaaklik dat aandag aan personeelvoorsiening en opleiding geskenk word.

Die aanbeveling is -

(1) dat alle primêre skole 'n voltydse onderwyser-bibliotekaris op die diensstaat moet hê;

(2) dat alle sekondêre skole met minder as 500 leerlinge 'n voltydse onderwyser-bibliotekaris moet hê;

(3) dat waar daar meer as 500 maar minder as 1000 leerlinge aan 'n skool is, die onderwyser-bibliotekaris 'n administratiewe assistent as hulp moet kry;

(4) dat waar daar 1000 leerlinge en meer aan 'n skool verbonde is, twee onderwyser-bibliotekarisse aangestel word;

(5) dat die onderwyser-bibliotekaris se pos 'n senior-assistentspos moet wees om ook manspersoneel te trek om 'n groter kontinuïteit van die skoolbiblioteekdiens te verseker, en

(6) dat opleiding in skoolbiblioteekwese met die oog op die inskakeling van die diens in die onderwys vir diensdoende onderwysers en onderwyser-bibliotekarisse op 'n interdepartementele grondslag gereël word.

6.2.3 Daarstelling van 'n sentrale biblioteekdiens in elke provinsie

Om aan die onderwyser-bibliotekaris leiding te gee met betrekking tot die aankoop van boeke, die inskakeling van die biblioteek in die onderwysprogram en om te verseker dat die skoolbiblioteek onderwysgerig sal wees, is 'n sentrale biblioteekdiens in elke provinsie 'n noodsaaklikheid.

Die aanbevelings is dat 'n sentrale biblioteekdiens waar dit nog nie in provinsies bestaan nie, in alle provinsies ingestel word met die volgende funksies:

(1) Die samestelling van 'n lys van aanbevole boeke waaruit skole 'n keuse kan doen by die bestelling van boeke.

(2) Die samestelling van 'n basiese lys van skoolbiblioteek-boeke vir elke skoolvak met die oog op die uitwerk van take, in samewerking met 'n komitee van senior vakonderwysers.

(3) 'n Sentrale aankoopdiens en voorbereiding van boeke wat op die genoemde lyste verskyn en die verspreiding van hierdie boeke aan skole wat vir onderrig in die betrokke vak voorsiening maak.

(4) Sentrale klassifikasie en katalogisering van alle aanbevole boeke om sodoende 'n groot administratiewe las van die onderwyser-bibliotekaris se skouers te verwyder.

(5) Voorligting aan onderwyser-bibliotekaris en sy hulppersoneel, indiwidueel asook deur middel van gereelde kursusse, in die gebruik van die skoolbiblioteek.

6.2.4 Koördinasie van biblioteekdienste

Na aanleiding van Artikel 2(1)(g) van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid van 1967 waardeur koördinasie op nasionale grondslag van leerplanne, kursusse en eksamenstandaarde onder andere voorgestel word, sal dit logies noodsaaklik wees dat daar ook die nodige koördinasie tussen die skoolbiblioteekdienste wat in paragraaf 5.2.3 voorgestel is, sal moet plaasvind. Dit sou onekonomies sowel as 'n verkwisting van mannekrag wees as elkeen van die verskillende biblioteekdienste byvoorbeeld 'n boekegids van aanbevole boeke moet saamstel. Sonder om afbreuk te doen aan indiwiduele behoeftes van onderwysdepartemente, sal dit ook uniformiteit meebring en voordelig wees vir leerlinge wat van een provinsie na die ander verhuis as skoolbiblioteke op nasionale vlak van dieselfde klassifikasie en katalogiseringstelsels gebruik maak.

Die aanbeveling is dat die sentrale biblioteekdienste van die provinsies gereeld konfereer om sake van 'n gemeenskaplike aard ter bevordering van die werksaamhede van die skoolbiblioteek op 'n nasionale grondslag te bespreek en te beplan om sodoende koördinasie te bewerkstellig.

6.2.5 Uitbreiding van die skoolbiblioteekvoorraad

Die aanbeveling is -

(1) dat die boekevoorraad in skoolbiblioteke uitgebrei moet

word tot ten minste tien boeke per leerling tot 'n minimum van 3000 boeke;

(2) dat wanneer die boekevoorraad aangevul word, sestig persent van die boeke uit vakliteratuur sal bestaan;

(3) dat die uitbreiding van die boekevoorraad volgens 'n 5- of 10-jaarplan moet geskied vanweë die groot finansiële las wat dit sal meebring;

(4) dat 'n jaarlikse toekenning, selfs nadat die minimum vereiste getal boeke aangekoop is, gemaak moet word om vir uitbreiding en slytasie voorsiening te maak; en

(5) dat 'n boekherbindskema wat 'n gratis diens lewer, geskep word om verslete boeke te herbind om sodoende besparing mee te bring.

6.2.6 Biblioteekakkommodasie en ameublement

Met die oprigting van nuwe skole en waar moontlik by bestaande skole behoort die nodige aandag gegee te word aan die beskikbaarstelling van voldoende vloeroppervlakte vir die skoolbiblioteek. Navorsing in hierdie verband het aan die lig gebring dat 'n leessaal ongeveer 2,3 vierkante meter vloeroppervlakte per leerling behoort te hê met 'n minimum van 50 sitplekke vir leerlinge. Verder dat 'n biblioteekkamer ± 55 vierkante meter, 'n werkkamer ± 18 vierkante meter en 'n koerantleeskamer ± 28 vierkante meter moet beslaan. Aan groot sekondêre skole sal die volgende bykomstige ruimte ook nodig wees: 'n kamer vir oudio-visuele materiaal (± 37 vierkante meter), 'n studiesaal (± 55 vierkante meter) en 'n kantoor (± 14 vierkante meter).

Wat betref ameublement, sal daar verstelbare ooprakke, koerantrakke in die koerantleeskamer, tweesitplektafels, stoele, kataloguskabinette, uitleenlaaitjies, toonbankstoele, boekwaentjies en studiehokkies (vir senior leerlinge) moet wees.

Die aanbeveling is -

(1) dat met die oprigting van nuwe skole en by bestaande skole voldoende vloeroppervlakte vir die skoolbiblioteek beskikbaar gestel moet word,

(2) dat daar vir 'n leessaal, biblioteekklaskamer, werkkamer en 'n koerantleeskamer by skole voorsiening gemaak moet word,

(3) dat daar aandag aan die ligging van die skoolbiblioteek in die gebouekompleks gegee word sodat dit so sentraal moontlik, weg van geraas en maklik bereikbaar geleë is,

(4) dat ten aansien van die grootte van die lokaal as geheel en die ameublement, die onderwysowerhede ooreenkomstig hulle plaaslike behoeftes sal beplan, en

(5) dat die onderwysowerhede interdepartementeel ten aansien van biblioteekakkommodasie en ameublement sal oorleg pleeg om koördinasie in dié verband op 'n nasionale grondslag te bewerkstellig.

6.2.7 Gereelde biblioteekperiode op die lesrooster

Met die oog op stelselmatige en gereëlde onderrig in die gebruik van die skoolbiblioteek as medium vir navorsing en selfstandige studie deur die leerlinge, dit wil sê boekopvoeding, sowel as vir onderrig in leesleiding en hulpverlening aan leerlinge deur die onderwyser-bibliotekaris met die uitwerk van studietake, sal dit nodig wees om 'n periode vir elke klas op die skoolrooster in te ruim sodat leerlinge ten aansien van hierdie aspekte onderrig kan ontvang. Boekopvoeding sal in die primêre skool en in die laer klasse van die sekondêre skool 'n meer prominente plek inneem en in die senior klasse van die sekondêre skool kan dit al hoe meer insidenteel van aard wees ooreenkomstig die behoefte van die leerlinge.

Die aanbeveling is dat op die skoolrooster tyd ingeruim word sodat leerlinge onderrig kan ontvang in leesleiding en die gebruik van boeke met die uitwerk van take.

6.3 SLOTOPMERKING

Die waarde van die ondersoek is daarin geleë dat die skoolbiblioteek in pedagogies-didaktiese perspektief geplaas word in 'n moderne onderwysstelsel wat gedurig op vernuwing afstuur om aan sowel die veranderde en steeds veranderende behoeftes van

die maatskappy as aan die indiwiduele andersheid van die leerlinge te voldoen. In die besonder word die rol van die skoolbiblioteek beklemtoon as onderwyshulpmiddel om aan te sluit by differensiasie in die onderwys soos in vooruitsig gestel deur Artikel 2(1)(f) van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid van 1967 waardeur onderwys onder andere verskaf sal word ooreenkomstig die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die leerlinge.

# L I T E R A T U U R L Y S


1. OVERDUIN, P.G.J. *Die plek van die skoolbiblioteek in die Middelbare Onderwysstelsel van die Republiek van Suid-Afrika.* 'n Didaktiese studie. Pretoria, D. Ed., Unisa, 1967.

2. OVERDUIN, P.G.J. *Die onderwysbiblioteekwese in enkele Europese lande en in Transvaal.* 'n Vergelykende Studie. Pretoria, M. Ed., Unisa, 1964.

3. GROENEWALD, E.C. *Die Skoolbiblioteek in Opvoedkundige perspektief.* Pretoria, T.O.D., 1967.

4. KOHNSTAMM, P.L. *Naar een nieuwe didaktiek.* Groningen, Wolters, 1952.

5. PRINS, F.W. *Opvoedkundige Voordragte in verband met onderwysvernuwing.* Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1959.

6. GUNTER, C.F.G. *Opvoedingsfilosofieë.* Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1964.

7. COETZEE, J.C. *Inleiding tot die algemene Teoretiese Opvoedkunde.* Stellenbosch, Pro-Ecclesia-Drukkery, 1944.

8. HALLIDAY, W.A. *The library in the secondary school.* Melbourne, Hall's Book Store, 1961.

9. SONNEKUS, M.C.H. Samewerking tussen ouers en onderwysers in die leeshandeling van die kind. *Onderwysblad,* Julie 1969.

10. LANGEVELD, M.J. *Die Schule als Weg des Kindes.* Braunschweig, Westerman, 1960.

11. JOOSTE, J.H. *Gedifferensieerde onderwys en die Transvaalse Komprehensiewe skool.* Pretoria, H.A.U.M., 1963.

12. HAINES, H.E. *Living with books.* New York, Columbia, University Press, 1950.

13. LANGEVELD, M.J. *Scholen maken mensen.* Muusses, Purmerend, 1967.

14. TRANSVAAL. Onderwysdepartement. *Verslag van die Beplanningskomitee van die Matrikulasie-eksperiment.* Pretoria, 1965.

15. PRINS, F.W. *Wisselende aspecten in de didaktiek.* Amsterdam, Meulenhoff, 1957.

16. V.D. STOEP, F. en V.D. STOEP, O.A. Didaktiese Oriëntasie. Pretoria, Academica, 1968.

17. COUNTS, G.S. Should the teacher always be natural? Phi delta Kappan v. L1, No. 4, December, 1969.

18. TRANSVAAL. Onderwysdepartement. Verslag van die oorsese sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys. (Voors. Dr. A.H. du P. van Wyk) Pretoria, 1955.

19. SCHOOL LIBRARY ASSOCIATION. School Libraries Today. London, S.L.A., 1950.

20. DE VLEESCHAUWER, H.J. Books and Libraries. Mousaion, No. 43/1961.

21. DE VLEESCHAUWER, H.J. Books and Libraries. Mousaion, No. 44/1961.

22. AMERICAN LIBRARY ASSOCIATION. Discussion guide for use with standards for school library programs. 1960.

23. KING, E.J. World perspectives in education. London, Methuen, 1962.

24. V.D. STOEP, F. Didaktiese Grondvorme. Kaapstad, Academica, 1967.

25. DE VLEESCHAUWER, H.J. Die ontwikkeling van die studiebiblioteek in die weste. Kaapstad, Academica, 1967.

26. HIGNETTE, M.F. The Primacy of the rational in French secondary education. In: Year book of Education, 1958. London, Evans, 1958.

27. MOEHLMAN, A.H. Comparative Education Systems. New York, Centre for applied research in education, 1964.

28. SUID-AFRIKA (Republiek.) Staatskoerant, Pretoria, Staatsdrukker, 31 Maart 1967.